UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE BELEWING VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID IN DIE EREDIENS

deur

**THEO NICO BEKKER (Ds.)**

**Voorgelê ter vervulling vir die graad MA (Teologie)**
**aan die**

**FAKULTEIT TEOLOGIE**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**Studieleier: Prof. H.J.C. Pieterse**

**Mede-studieleier: Prof. C.J.A. Vos**

**NOVEMBER 2005**

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# ABSTRACT


## THE EXPERIENCING OF GOD'S PRESENCE IN WORSHIP.

It is nearly a hundred year ago that A. Kuyper started his book on worship with a complaint, addressing many scholars feelings regarding worship, what it is or should be: "Jarenlang heerschte op dit punt grenzenlooze verwarring,..." (Kuyper 1911:7). With this he does not plea for a fixed and immovable liturgy. It is my concern that the gathering of the congregation of the Lord are not seen and experienced within the frame of Gods covenant with his congregation.

Many positive and negative have been said about worship over the years. Attempts to defend the liturgy have failed because it lack of a deep found definition of the essence, purpose and establishment of worship. These attempts can be divided into two categories. The one category describes the sermon as the lifeline of the church and that it is a barometer for the work and life of the church. The second category is concentrate more on the emotional – the feeling and experiencing – side thereof. Furthermore it is said that the worship is without any concern, it is dead and has been caught up in the old reformed tradition.

In a reformed liturgy the starting point is that worship does not stand apart from the daily life. Life in worship and life in the day-to-day living-practice is life in the face of God (coram Deo). In worship it al come down to a life, actual meeting between the Living God and his covenant church in a specific time and context. Therefore the experiencing of God's presence in the worship of the church is vital to the personal everyday life.

This brings the whole question on how God's presence in the worship of the church can be experienced on the theological table. The author has looked at the experiencing of God's presence in the worship of the church by in an attempt to answering the question regarding Reformed worshiping (chapter 1) and how does member of the church really experience the presence of God in the worship (chapter 3). He did this by means of a quality empirical survey on the one hand, and suggests a way of thinking about the presence of God by comparing the different views, e.g. the traditional, the modernism, the postmodernism and contemporary cultures.

The presence of God in worship is something different from the omnipresence of God; that it is perceived in faith and that it interrupts the faithful's everyday life by addressing him or her on the self-sacrificing love of Christ for the world in need. God is then present in worship as He is in everyday life, which is in the face of need, and His presence can be more appropriately depicted as a *confrontation reelle* than a *praesentia realis*.

# SLEUTELWOORDE

## *KEYWORDS*

| | | |
|---|---|---|
| Beeldekultuur<br>*Image culture* | Belewing<br>*Experience* | Christus<br>*Christ* |
| Empiriese<br>*Empirical* | Erediens<br>*Worship* | Ervaring<br>*Experience* |
| Gereformeerd<br>*Reformed* | God<br>*God* | Instrument<br>*Instrument* |
| Krag<br>*Power* | Lewe<br>*Life* | Liturgie<br>*Liturgy* |
| Modernisme<br>*Modernism* | Navorsing<br>*Survey* | Ontstaan<br>*Originate* |
| Oorsprong<br>*Origin* | Postmodernisme<br>*Postmodernism* | Teenwoordig<br>*Presence* |

# INHOUDSOPGAWE

**Abstract** 2

**Sleutelwoorde / Keywords** 4

**Inleiding** 7

**Hoofstuk 1: 'n Gereformeerde erediens** 17
- 1.1 Die unieke aard van 'n erediens 17
- 1.2 Wat gebeur in 'n erediens 19
- 1.3 Wat maak ons gereformeerd? 21
  - 1.3.1 Die verstaan van die Bybel 22
  - 1.3.2 Kerk van die Woord 23
  - 1.3.3 Die wet van God 24
  - 1.3.4 Die verbond 24
  - 1.3.5 Kerkregering (Presbiteriaal) 25
  - 1.3.6 Kerkmusiek 26
  - 1.3.7 Spiritualiteit 27
- 1.4 Wat beteken dit om gereformeerd te wees 27
- 1.5 Die historiese afkoms van die gereformeerde Erediens 29
  - 1.5.1 Die ontstaan van die gereformeerde erediens 30
  - 1.5.2 Die oorsprong van die gereformeerde erediens 39
- 1.6 Samevatting 41

**Hoofstuk 2: Die teenwoordigheid van God** 50
- 2.1 Inleiding 50
- 2.2 God se teenwoordigheid in die erediens as belydenis 52
  - 2.2.1 Die memoria Christi 53

2.2.2 Herinnering en hoop 53
2.2.2 Die dinamiek van die Woord van God 54
2.3 Die krag van God se teenwoordigheid in die erediens 55
2.3.1 Christus se teenwoordigheid 55
2.3.2 Die erediens as instrument 56
2.3.3 Die Woord as instrument 62
2.3.4 Die aard van Christus se teenwoordigheid 62
2.4 Die aanvaarding van God se teenwoordigheid in die erediens 63
2.5 Die krag van God se teenwoordigheid in die erediens 64
2.6 God se teenwoordigheid in die wêreld 65
2.7 God se teenwoordigheid in tyd 66
2.8 Die belewing van God se teenwoordigheid 67
2.8.1 Die postmodernisme 68
2.8.2 Die beeldkultuur 70
2.8.3 Belangrike onderskeiding 74
2.8.4 Die gelowige as aangesprokene 75
2.8.5 Die erediens van die lewe 76
2.9 Gevolgtrekking 78

**Hoofstuk 3: Empiriese ondersoek** 83
3.1 Doelstelling en motivering vir die ondersoek 83
3.2 Belang van so 'n navorsing 84
3.3 Navorsingsmetode 84
3.4 Resultate van die empiriese ondersoek 88

**Hoofstuk 4: Gevolgtrekking** 99

**Bylae A** 104

**Bronnelys** 105

# INLEIDING

Dit is nou byna honderd jaar gelede dat A. Kuyper sy waardevolle boek oor die erediens begin met 'n klag. Hy verwoord die gevoelens van vele ander oor die besef van wat die Christelike erediens is of beter gesê behoort te wees: "Jarenlang heerschte op dit punt grenzenlooze verwarring,..." (Kuyper 1911:7). Daarmee wil hy geen regverdiging gee vir die pleidooi vir slegs een strakke en onwisselbare vorm van liturgie nie. Ewe min is dit die bedoeling van hierdie skrywer. My sorg is dat die samekomste van die gemeente van die Here nie meer gesien en beleef word binne die raamwerk van God se verbond met sy gemeente nie.

In die praktyk kom allerlei liturgiese vraagstukke aan die orde. Dit is egter my oortuiging dat die vraagstukke te veel bespreek word (en 'n plek kry in die erediens) as los- en opsigself staande aspekte van ons aanbidding. 'n Helder insig in dit wat beheersend is vir die erediens, is soek. Vraagstukke oor ons liturgie is geweldig belangrik, aangesien dit nie los staan van ons lewe van elke dag nie. Daar word gesê dat iemand leef soos hy bid. Tereg. Met eweveel goeie reg kan gesê word dat iemand voor die Here leef, soos wat die erediens beleef en ingevul word.

Een sprekende voorbeeld behoort duidelik te maak wat hiermee bedoel word. In die Oosters-Ortodokse kerke word die kerkgebou gesien as 'n heiligdom. In hierdie heiligdom word die liturgie afgespeel as 'n heilige drama waarin die lewe van Christus uitgebeeld word. Hierdie drama moet die lidmate help om 'n mistieke ervaring en ontmoeting met God te ervaar. Die manier waarop Christus in só 'n erediens teenwoordig is, is nie deur sy Heilige Gees wat deur geloof in die harte van sy kinders leef en werk nie. Die prediking van die Woord van genade moes grootliks plek maak vir die drama van die goddelike. Geloofsvertroue in die Woord van Christus wat bedien word in die prediking, maak plek vir die belewing van 'n hemelse drama. Die erediens word 'n stuk

hemel op aarde. Laasgenoemde word onderstreep deurdat die kerkdeure letterlik gesluit word om 'n ruimte te skep wat afgesluit is van die wêreld. Die lewe en wêreld van elke dag moet verlaat word om gemeenskap met God te kan hê. Vanweë hierdie mistiek in die erediens, kon die kerk in Rusland in die verlede ook heel maklik haar oë toesluit vir 'n daaglikse heilige lewenswandel en sosiale onreg wat die kerk spraakloos gelaat het.

In 'n gereformeerde liturgiese besef, is die uitgangspunt nie dat die erediens los staan van die daaglikse lewe nie. Lewe in die erediens en in die lewenspraktyk van elke dag is 'n lewe voor die aangesig van God (coram Deo). Die praktyk van 'n lewe voor die aangesig van God word egter wel gevoed vanuit die erediens en het ook daar sy bron. God se Naam moet weer aangeroep word (Gen 4:26), ons afhanklikheid van die Here se genade vir elke dag en oomblik van ons lewens moet bely word, vanuit die Woord moet ons (geloof) gevoed word sodat ons met lofprysing tot die Here kan sing.

In die erediens gaan dit daarom om 'n lewende, aktuele ontmoeting tussen die Lewende Here en sy verbondsgemeente binne 'n spesifieke tyd en konteks. Die liefde tussen die hemelse Bruidegom en sy bruid word gevier en gevoed. Die erediens moet daarom 'n struktuur hê van 'n dialoog – gesprek en reaksie van die een op die ander. Daarmee het ons nie gesê dat die prediking 'n dialoog is nie! In die prediking is dit nou juis die Bruidegom wat tot die hart van sy (sondige) bruid spreek. Die preek is liefdesverklaring van die Bruidegom. Daarin praat die gemeente nie saam nie, maar mag sy deur haar houding laat sien wat dit beteken om uit genade te leef. 'n Reseptiewe/ontvanklike houding van geloof pas by die gemeente. Natuurlik lok die liefdesverklaring lof op in die harte van die gemeente. Die lof van die gemeente is dan eerder 'n belydenis en dankoffer (Hebr 13:15) as wat dit deel is van dialoog in die prediking. Prediking is per definisie monoloog – eenrigtingsgeskenk van Christus aan sy gemeente. Wie wil en kan daarin saampraat? Sinergisme (medewerking tussen God en mens) in die prediking is net so onvanpas as wat dit in ons wedergeboorte is.

Die boek Openbaring maak ons attent op die wesenlike eenheid tussen die erediens in die hemel rondom die troon van die Lam en die erediens van die gemeente hier op aarde (Op 4:6-11). Die diens rondom die hemelse troon is niks anders as 'n voortsetting van die diens hier op aarde nie. Dit het daarom veel te sê vir ons belewing van ons aardse erediens wanneer die gemeente van Christus saamkom. In die hemel is 'n erediens aan die gang waaraan nie alleen mense nie, maar ook engele deel het en waarvan die middelpunt ingeneem word deur die Lam wat geslag is vir ons sondes. Hý is die Een wat werd is om die boek met sy seëls oop te maak, Hý is die Een wat waardig is om die lof van mense en engele te ontvang.

Op die minste kan en moet daarom vanuit die Skrif gesê word dat ons erediens elke Sondag (of ander dae van die week) niks minder behoort te wees as 'n aardse samekoms wat reg laat geskied aan die hemelse samekoms (wat reeds aan die gang is en tot in alle ewigheid sal voortduur) nie. Die middelpunt van die hemelse erediens is die Lam wat in die allerheiligste van die hemel ingegaan het met sy bloed ter wille van Sy verbondsgemeente. Met sy bloed pleit Hy as Hoëpriester vir die gemeente by die Vader. Dit doen Hy nie as bedelaar nie, maar as oorwinnaar en gestuurde van die Vader. Daarom die onstuitbare lof van die wat hulle klere gewas het in die bloed van die Lam wat rondom die troon staan.

Wat ook al verder in 'n erediens gebeur, lyk dit onontwykbaar dat bogenoemde die basis vorm van enige erediens wat Christelik wil wees. Binne só 'n erediens alleen kry die doopsformulier en nagmaalsformulier en bevestiging van ampsdraers 'n waardige plek as gawes van die Here. Sonder die leef vanuit die Lam op sy (genade)troon as middelpunt van ons erediens, word al ons sang slegs 'n klinkende metaal en lydende simbaal; ons gebede word mistieke en emosionele gesprekke met onsself of op sy meeste met ons naaste; die prediking word 'n uitroep om hulp van die een mens aan die ander.

Dit lyk vir my nie te veel gesê nie, dat die erediens niks minder mag wees as die viering van God se genadeverbond met sy gemeente nie. Los van hierdie besef word alle liturgiese besinning grepe in die lug waarin die een wat die hardste stem het of die langste sy argument kan volhou, die oorwinnaar gaan wees. Dan het die fees van die oorwinning van die Lam verdwyn. Dan laat die erediens in so baie van ons gemeentes my dink aan die laaste vers van Rigters: "... elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë" (21:25, vgl. ook 17:6). Van 'n "gesonde ontplooiing van die erediens (waarin) ... die liturgiese ordes kerklik vasgestel en eerbiedig word..." is daar nie altyd 'n getuienis van nie. (Vergelyk: Handboek vir die Erediens:5).

Oor die jare heen is reeds baie uitsprake – positief sowel as negatief – oor die erediens gemaak wat tot gevolg gehad het dat daar ook dan reeds verskeie boeke oor die erediens die lig gesien het wat aan die einde van die dag blote pogings was om die erediens óf af te kraak, óf heeltemal te omvorm. Pogings om die erediens te verdedig het ongelukkig gevaal omrede dit meestal sonder 'n diepgaande begronding van die wese, die doel en die inrigting van die erediens was.

Hierdie uitsprake kan in twee kategorieë verdeel word. Die eerste kategorie is beskrywend van aard: Die erediens word beskryf as "die lewensaar van die kerk se lewe" (Barnard, 1981:3) en dat dit 'n "eeu-oue barometer" (Barnard, 1981:3) vir die lewe en arbeid van die kerk is. Die tweede kategorie is meer emosionele van aard wat juis sinspeel op die gevoel en ervaring: "Die stemming van die eredienste is te somber, kleurloos en onbesield" (Barnard, 1981:4). Voorts word die erediens getipeer as sonder sorg, dood of styf én dat dit vasgevang is in die kleed van gereformeerdheid. Dit is veral hierdie tweede kategorie uitspraak, nl. die emosionele, wat in ons dag die botoon voer.

Ongelukkig bly dit nie by woorde nie, want ons verneem telkens van gevalle waar lidmate van ons kerk oorgaan na ander kerke of groepe waar daar 'n "warmer"

atmosfeer sou heers, of waar daar iets sou "gebeur". Wat meer is, diegene wat oorstap kom nie net uit ons lidmate-korps nie, maar ook uit ons regerende en lerende ampte. Nog 'n ontstellende feit is dat sosiologiese berekeninge daarop dui dat die gereformeerde kerke in die jaar 2000 soos eilandjies in 'n see van Charismatiese groepe sal wees!

Al die bogenoemde feite is uiters ontstellend, en dit noodsaak beslis nadere besinning. Een van die faktore wat vir die bogenoemde oorstappers verantwoordelik is, is sonder twyfel die gebrek aan emosionele belewenis (ervaring) in die erediens. Daar dan die rede vir die keuse van die tema van hierdie verhandeling: "Die belewing van God se teenwoordigheid in die erediens."

In gereformeerde kringe is daar egter 'n groot gereserveerdheid ten opsigte van en selfs vrees vir enige vorm van emosie in die erediens. Voeg daarby die tradisionele houding dat emosie 'n negatiewe of pejoratiewe verskynsel is, en 'n mens kom te staan voor die verwronge mensbeskouing: die mens is 'n rasionele wese wat wel 'n wil van sy eie het, maar geen emosie nie: as hy wel emosie het, moet hy dit liefs onderdruk!

Waar mense egter tot geloof in Christus kom, het mense die behoefte – "voel hulle geroepe" (Barnard, 1981:3) – om die erediens by te woon en God se teenwoordigheid emosionele te beleef. Sodoende het Christenwees feitlik sinoniem geword aan erediensbywoning – iets wat ononderbroke gehandhaaf is vir baie eeue – ongeag die omstandighede. "Dikwels was daar die dreiging van die dood en vervolging, maar dit het nie die Christene afgeskrik nie. Baie martelare, soos byvoorbeeld die van Abitina, het verklaar dat hulle eerder bereid is om die marteldood te sterf as om die Nagmaalsdiens na te laat, want het hulle gesê: "Ons kan nie sonder die nagmaal leef nie" (Barnard, 1981:3). 'n Baie duidelike bewys dat die teenwoordigheid van God in die erediens eens baie intens beleef was.

Of dit vandag nog die geval is, is nie so seker nie. Waar mense in die verlede getrou eredienste bygewoon het, is dit vandag die algemene tendens dat lidmate aan die eenkant bloot net wegloop na ander kerke of groepe waar hulle in 'n meer "warmer atmosfeer" God se teenwoordigheid beleef .... óf net eenvoudig wegbly van die erediens en hul tyd in die winkels of op die sportveld deurbring.

Die moderne mens is van mening dat die erediens nog geklee is in 'n gereformeerde kleed van die verlede wat mee bring dat dit nie inpas is met die hede nie. Daarom is die gereformeerde erediens vir hulle verouderd. In 'n postmoderne samelewing hoort die gereformeerde erediens aan die verlede en pas dit nie in by die huidige beweeglikheid. En asof dit nie al erg genoeg is nie, word die gebede in die erediens as irrelevant beskou. Só word die erediens afgemaak as 'n passiewe en kragtelose eenrigting verkeer omdat die mens kwansuis nie aktief (met liggaam en siel) daaraan kan deelneem nie. Die middelpunt waarom al die besware teen die gereformeerde erediens draai is die prediking. "Dit word gesien as te monologies, en daar word gesoek na dialoog; dit is abstrak, teoreties, onbegryplik en irrelevant vir die daaglikse lewe" (Barnard, 1981:5).

Die moderne en posmoderne mens voel dat hy homself, sy wêreld, sy stryd, sy vrae, sy probleme en sy toekoms nie in die erediens kan vind nie. Antwoorde op lewensvrae is wetties, moralisties en negatief. Baie kere word onsekere, soms dubbelsinnige, en selfs geen antwoorde, gegee op vrae wat gevra word. Die algemene gevoel is dan ook dat die prediking en erediens nie rekening hou met die mondigheid van die lidmaat nie.

Kritiek teen die inhoud en wese van die erediens het vroeër gegaan oor "die foute en misbruike van die erediens, maar die erediens self en die karakter daarvan, is nie bevraagteken nie" (Barnard, 1981:6). Vroeër is gevra na die wyse van aanbidding en hoe daar saam aanbid moet word. Vandag gaan die nie meer oor wat die regte wyse van aanbidding is nie, maar of die erediens in sy geheel

gesien nog enigsins moontlik is. Die erediens as sodanig het vir die postmoderne mens problematies geword. Nie net die vorm nie, maar die erediens self is verouderd. "There is no modern form of public worship because the modern world is secular" (C. Davis, soos aangehaal deur Barnard, 1981:7). So word die erediens al stadig maar seker as oorbodig beskou.

Volgens Barnard (1981:7) word beweer dat ons God "alleen nog in die ontmoeting met die naaste" ken en dat die erediens dan alleenlik betekenis het deurdat die naaste in sy nood gedien word. "Daar word beweer dat Christus alleen in die dorstiges en hongeriges te vinde is. God staan nie teenoor ons nie, maar ons ontmoet Hom as Iemand wat meely met die lydendes. Die onvermoë van die moderne mens tot gebed en verering, tot meditasie en Bybellees, word nie as 'n gebrek gesien nie, maar juis as 'n bevryding" (Barnard (1981:7).

Die oomblik wanneer die mens God slegs kan vind in die werklikheid waarin hyself lewe, dan kan jy nie anders as om die gevoel te kry dat daar nie meer plek vir God is in die lewe en wêreld van die moderne mens nie. Na my mening lê die antwoord in die mens se belewing van God se teenwoordigheid in die erediens. Maar dan moet ook onmiddelik gesê word dat indien die mens nie God se teenwoordigheid in sy/haar eie lewe, op 'n daaglikse basis, beleef nie, hy/sy ook nie God in die erediens sal beleef nie. Al word daar nou ook watter liturgiese model gebruik, hetsy van 'n eng konserwatiewe liturgie tot 'n "way out entertainment" liturgie, as jy nie God se teenwoordigheid in jou eie persoonlike lewe ervaar nie, sal jy dit baie beslis ook nie in die erediens ervaar nie.

Hoe pragtig Lied 159 ("God is hier teenwoordig, ...."), wat soms in die erediens gesing word, ookal mag klink, is die vraag egter nie "of God in die erediens teenwoordig is nie", – ons weet dat God in die erediens teenwoordig is, daaroor is daar geen twyfel nie. God belowe immers in sy Woord dat: ".... waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle" (Matt 18:20). Nee, die vraag is

eerder "of ek as mens God se teenwoordigheid in die erediens ervaar, én watter impak het dit op my persoonlike lewe."

Dit is dus duidelik dat daar iewers ernstige fout is. Daarom is dit belangrik om na te gaan waarom mense die eredienste bywoon, óf nie bywoon nie. Alhoewel baie dinge in die erediens (liturgie) verander (vernuwe) het, blyk dit tog dat die erediens iets van die bekoring van God se teenwoordigheid in die erediens verloor het. Daar dan die moontlik rede dat die erediens die brandpunt van kritiek, aan die een kant, én vernuwing, aan die ander kant, is nie. Die stroom van kritiek word net sterker en radikaler. Mense bly ontevrede oor die erediens. Maak nie saak hoe die erediens ingerig word nie, daar is altyd mense wat van mening is dat die erediens nie hulle behoeftes aanspreek nie. Daar sal dus opnuut gekyk moet word na wat die erediens werklik is, waarom mense dit bywoon, én hoe dit op 'n sinvolle wyse moet plaasvind.

Die doel van hierdie studie is drieledig van aard: (a) om vas te stel of mense werklik God se teenwoordigheid in die erediens ervaar, al dan nie; (b) om vas te stel watter impak (invloed) die belewing óf nie-belewing van God se teenwoordigheid in die erediens op die daaglikse lewe van die lidmaat het, en (c) om vas te stel of die belewing van die teenwoordigheid van God in die erediens enigsins verband hou met die lidmaat se persoonlike verhouding met God.

Die motivering vir hierdie studie is geleë in die baie variasies in die liturgie, asook in die verskillende "modelle" wat deesdae in die erediens gebruik word dat 'n mens soms wonder waaroor dit werklik gaan in die erediens. Gaan dit oor God óf gaan die oor die mens?....

Daarom is dit belangrik dat daar gekyk word na die redes hoekom mense die erediens bywoon – is dit omdat hulle God se teenwoordigheid in die erediens ervaar; óf omdat dit maar net nog 'n ritueel (tradisie) is? Of moontlik lê die rede daarin omdat dit alles oor my eie prestasies gaan (bv. die Fariseërs) óf omdat

hulle wanhoop aan hulleself en heil by God soek (bv. die Tollenaar). Om 'n geheel beeld van bogenoemde te kry, sal daar ook gekyk moet word na die redes waarom mense nie die erediens bywoon nie – het dit dalk iets te doen moet die nie-ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens, al dan nie?

Kort-kort lees en hoor jy dat die erediens "user-friendly" – die taal van die nuwe millennium? – moet wees. Die kerk wat God se teenwoordigheid simboliseer, word gereduseer tot 'n "showroom" waar die mens ge-"entertain" moet word deur die "entertainer" – die liturg. So gesien, blyk dit vir my asof God se teenwoordigheid in die erediens afgewater word na 'n "skouspel" en "entertainment".

Die belang van so 'n navorsing is geleë in die soeke na 'n erediens "styl" óf "model" wat, aan die een kant, die mens help om werklik God se teenwoordigheid in die erediens te beleef sonder dat dit nodig is om 'n "skouspel" van die erediens te maak; én, aan die ander kant, om weer aan God sy regmatige plek in die erediens te gee waar Hy alleen verheerlik en gedien kan word. Hopelik sal dié navorsing daartoe bydrae dat mense weer nuut na die erediens sal kyk en God se teenwoordigheid in die erediens as onontbeerlik vir die Christelike lewe sal besef.

Daar is van twee navorsingsmetodes gebruik gemaak, nl.

(a) 'n **Literatuur ondersoek** om te poog om die vraag na 'n Gereformeerde erediens te beantwoord, asook om die belang van God se teenwoordigheid in die erediens opnuut weer te beklemtoon; en ....

(b) 'n **Kwalitatiewe empiriese ondersoek** waar persoonlike onderhoude met tussen 10–15 mense gevoer is aan die hand van vooraf opgestelde vrae in 'n poging om antwoorde op genoemde probleemstellings te kry.

# GEBED vir die erediens.

O Christus Jesus,
ek kom in u teenwoordigheid,
en hoe mooi is dit nie!
Daar is geen plek op aarde so mooi
soos daar waar ons u van nabyheid bewus is nie.

*[Gebed van 'n Christen uit Indië.]*
Uit: Die Groot Gebedeboek 2003; Lux Verbi, p. 360

# HOOFSTUK 1

## 'N GEREFORMEERD EREDIENS

Daar bestaan tans groot verwarring oor wat dit beteken om gereformeerd te wees en wat bedoel word as daar gepraat word van 'n gereformeerde erediens. In 'n poging om die vraag: "Wat is 'n gereformeerde erediens?" sinvol te beantwoord en sodoende die essensie van gereformeerdheid uit te lig, is beslis nie so eenvoudig as wat sommige dit wil voorgee om te wees nie. In die beantwoording van genoemde vraag moet eerstens gekyk word na die unieke aard van 'n erediens, om sodoende ons in staat te stel om verdere vrae soos: "Wat maak ons gereformeerd?"; "Wat beteken dit om gereformeerd te wees?" en "Wat is die historiese afkoms van die gereformeerde erediens?" eers te beantwoord alvorens ons die vraag: "Wat is 'n gereformeerde erediens?" kan beantwoord.

### 1.1 Die unieke aard van 'n erediens

By bykans al die verskillende kerke reg oor die wêreld is daar 'n nuwe belangstelling in die erediens as sodanig. Die rede hiervoor is moontlik dat Christene al hoe meer tot die besef kom dat die kerk uit voeling met die res van die wêreld geraak het. Hierdie tendens is ook te bespeur in die geledere van die Ned. Geref. Kerk, met die gevolg dat al hoe meer gemeentes in die NG Kerk weer teruggryp na die verskillende seisoene in die kerklike jaar; eeue-oue gebruike opdelf (bv. Aswoensdag); weer bewus word van liturgiese kleure en simbole. Maar saam met hierdie eeue-oue gebruike wat ons help om 'n byna mistieke ervaring van God te hê, vra al hoe meer gemeentes na lewendige, opgewekte eredienste waar mens kan "sien" dat die Gees werk.

Die oorneem en opneem van baie charismatiese liedere en aanbiddingstyle in die gereformeerde erediens is opsigself nie verkeerd nie. Wat wel 'n moontlike probleem kan wees (of word), is die feit dat daar met elke gebruik wat oorgeneem word, 'n nuwe manier van denke oor God en ervaring van God saamkom. Die gevolg is dat die erediens soms gesien kan word soos wanneer mens na 'n vertoning (konsert, teater, fliek) uitstap – tydens die vertoning het jy 'n ander wêreld beleef, kon jy vrylik uiting gee aan al jou emosies, maar die oomblik wanneer jy jou weer in die helder daglig bevind, tref die realiteit van die lewe jou en word jy wreed teruggeruk na die werklikheid van die lewe. Netso kan die realiteit van die lewe jou op 'n wrede manier terugruk na die werklikheid van die lewe die oomblik as jy by die kerk uitstap. Meteens is die rustigheid van die kortstondige ontvlugting daarmee heen.

Dit is die probleem met baie van ons eredienste. Mense sien en beleef die erediens as 'n stilhouplekkie, 'n oasetjie in die woestyn van die lewe. Dit is die erediens immers nie bedoel om te wees nie. Ja, dit is goed om by God tot rus te kom in die erediens, maar die rus moet nie 'n wegkruipplekkie wees nie. Die erediens is juis dié plek waar jy jou eie, sowel as die nood van die wêreld, aan die voete van die Here Jesus Christus kom lê en vra dat Hy sy lig daarop sal laat skyn.

In die erediens moet die fokus dus nie net die kognitiewe wees nie, maar moet die fokus ook verskuif word na die emosionele en die belewenis. Hiervandaan moet die fokus in die erediens ook verder verskuif na die ervaring van God wat in die erediens teenwoordigheid is.

Iets wat altyd onthou moet word, is dat beide linkerbrein en regterbrein dominante mense in die erediens aanwesig is. Die groot uitdaging wat voor die deur van elke liturg gelê word is om beide hierdie groepe in die erediens te akkommodeer. Babin (1991) praat hiervan as stereo kommunikasie: "Applied to religious education, stereo means that we can speak two languages in a

simultaneous but really quite different manner - the language of Gufenberg and the symbolic language. In a sense a decision is made in favour of both hemispheres of the brain and their special ways of functioning. In using stereo, we have to respect both kinds of language, we have to produce symbolism thoroughly and this calls for places, times and special context."

## 1.2 Wat gebeur in 'n erediens?

Die uitstaande kenmerk van die erediens met sy liturgie en tradisie is dat dit die plek is waar God ontmoet word. In hierdie unieke ontmoetingsplek heers daar 'n gewyde atmosfeer wat eie is aan die erediens en nêrens anders in die wêreld ervaar kan word nie. Die oomblik wanneer jy in die erediens instap, ervaar jy iets totaal anders as op enige ander plek. Dit is die enigste plek waar, aan die eenkant, iets van God se teenwoordigheid en misterie beleef en ervaar word, én, aan die ander kant, iets van ware vergiffenis, verlossing, genesing, liefde en inspirasie in Sy teenwoordigheid meegedeel en ondervind word. Waarlik, 'n ontmoetingsplek van heil vir die verslae, verlore en hooplose mens.

In die erediens vier ons 'n fees. Dit beteken dat jy nie in die erediens kom “om te doen" nie, maar “om te wees" – om mens te wees in die teenwoordigheid van God en met Hom al die mooi en die lelik; die lekker en die sleg; die klein en die groot van die lewe te deel en in die erediens aan Sy voete neer te lê in die wete dat in al ons vreugde en hartseer deel.

In die erediens gaan dit nooit oor dit wat óns in die erediens vermag nie, máár oor wat Christus reeds klaar vir ons gedoen het. Martin Luther vergelyk die erediens met 'n testament. Die persoon wat oorlede is, sê Luther, het in sy leeftyd rykdom versamel en laat dit na sy dood na aan sy erfgename. Dit is dus nie die goedheid van die erfgename wat aan hulle, hulle rykdom gee nie, maar die goedheid en hardwerkendheid van die een wat die erflating nalaat. En aan

die ander kant, sê Luther, sal die testament nie in werking tree en die rykdom nie in die sakke van die erfgename beland as hulle nie sekere dinge doen nie. Hulle moet byvoorbeeld die prokureur besoek, die testament lees en die erflating in ontvangs neem. Netso werk die erediens ook. Die Here is daar om alles wat Hy vir ons verdien het deur die dood en opstanding van Jesus Christus aan ons uit te deel. Uit genade gebruik Hy wel menslike woorde en handelinge in die erediens om sy werk te doen. Dis belangrik om in elke erediens te besef dat ons nie daar besig is om te offer aan die Here soos mens kos en geskenke vir 'n afgod neersit nie. Die offer is klaar op Golgota gebring - vir ons! In die erediens wys God vir ons wat daardie offer van Christus beteken vir elke probleem of nood in ons lewens en ons wêreld.

Die erediens help ons met ons toekoms visie om te kan sien dat God nie klaar is met die wêreld nie, maar nog besig is om dit na die voleinding toe te lei. In die erediens neem ons dus God se beloftes ernstig op deur nie weg te vlug of weg te kruip van die wêreld daarbuite nie, maar om dit juis voor God in aansyn te roep, en by Hom te kla oor die dinge in die wêreld wat nie in ooreenstemming is met Sy beloftes is nie, in die wete dat God werklik ons klag hoor.

Binne 'n ware en lewende eredienste kom die volgende kenmerke na vore:

- In die erediens is daar altyd ruimte vir die ervaring van God se teenwoordigheid en misterie. Dit is immers die plek waar ons weet dat God werklik teenwoordigheid is en waarheen ons kom met die verwagting om Hom te ontmoet en Hom beter te leer ken.
- In die erediens word ons met ope arms ontvang en deelgemaak van God se groot familie. Dit is immers die plek waar Hy vreemdeling met gasvryheid oorlaai.
- In die erediens word die dramatiese inhoud van die evangelie ontdek en word sigbaar in die liturgie.
- In die eredienste vind ons musiek en gemeentelike sang wat van uitnemende kwaliteit is en wat eklekties is in styl en genre.

- In die erediens word die ruimte en omgewing van die diens kreatief ingerig om die erediens gebeure te komplementeer.
- In die erediens word duidelike lyne tussen die erediens gebeure en die gemeente se missionêre roeping na buite getrek.
- In die erediens is daar 'n redelik vaste diensorde, maar ook ruimte vir afwisseling en alternatiewe wat die ritme en vloei van die erediens positief dien.
- In die erediens vind vreugdevolle lof en viering 'n vaste plek.
- Eredienste word immers gelei deur sterk, liefdevolle, wyse en charismatiese leiers.

Gedurende 1990 het JC Lemmer in `n empiriese ondersoek bevind dat een van die belangrikste faktore vir die vernaamste effek van die prediking op gemeentelede die atmosfeer is wat in die erediens heers. Dit is juis daarom dat Sagovsky ook waarsku dat ons nie met die liturgie in die erediens so moet optree asof daar in `n besigheidsomgewing van die alledaagse lewe gewerk word nie.

## 1.3 Wat maak ons gereformeerd?

Die blote feit dat ek myself 'n Christen noem, maak my nie noodwendig gereformeerd nie, want nie alle Christene is gereformeerd nie. Daarmee word hulle Christenskap natuurlik nie in twyfel getrek net omdat hulle nie gereformeerd is nie. Dit bly egter 'n voldonge feit dat gereformeerd-wees nie aan die deur van alle kerke en eredienste gehang word nie.

Die vraag: "Wat maak ons gereformeerd?" kan, myns insiens, deur die volgende paar kenmerke beantwoord word:



b16852163
i18043100

### 1.3.1 Die verstaan van die Bybel

Om gereformeerd te wees beteken immers om seker te wees dat die gereformeerde verstaan van die Bybel die suiwerste is en dat die outentieke Christelike geloof die beste tot sy Skriftuurlike reg kom in die gereformeerde belydenis.

Die eerste Gereformeerdes verstaan die boodskap van die Bybel as die evangelie van genade alleen. Alle Christene sê dit, maar almal verstaan dit nie eenders nie. Gereformeerdes verstaan dat ons uit vrye genade alleen, sonder enige verdienste van ons kant, slegs deur die kruis van Christus gered is toe ons nog Sy vyande was. God red nie bekeerdes, wedergeborenes of berouvolles nie. Ook nie diegene wat die regte keuse maak nie. Hy red sondaars. Hierdie redding kan die mens net ontvang deur die belofte en toesegging van die evangelie – dát God mense op die kruis gered het terwyl hulle sondaars was – te glo. Verlossing uit genade word dus op 'n radikale manier verstaan.

Alle Christene glo dat die mens deur Gods genade gered word, maar in verreweg die meeste gevalle word daar altyd weer 'n element van menslike verdienste (gewoonlik word "geloof, bekering, keuse, oorgawe" hiertoe verhef) ingevoer wat meebring dat die redding nie as enkel uit genade alleen verstaan word nie. Dikwels word die genade as 'n soort krag of vermoë (habitus) verstaan wat God aan die mens gee om te kan doen wat Hy vra. Sodoende stel die krag van die genade die mens in staat om aan God se voorwaardes te voldoen ten einde gered te word. Op hierdie manier word die geloof die één goeie werk op grond waarvan God die mens beloon met die redding. Hierdie opvatting is gebaseer op 'n fatale wettiese misverstand. Wanneer ons as Gereformeerdes bely dat die mens deur die geloof alleen gered word, word die geloof nie as 'n verdienstelike werk verstaan nie, maar as die instrument waardeur die mens slegs dít ontvang wat God uit genade gee. Wat meer is, ook die geloof is 'n geskenk van God. Die Bybel leer dat die mens só radikaal geestelik dood (totaal verdorwe) is (Efes 2:1)

dat dit onmoontlik is om uit eie vermoë te glo. Eers as God die wonder van 'n opwekking uit die dood aan ons verrig, kan ons glo. En God gee dit aan wie Hy wil. Dis 'n daad van Sy verkiesende liefde. Reeds voor die skepping het Hy vanuit 'n gevalle mensdom – uit onverdiende genade - vir Hom 'n bruid gekies. Húlle name staan van voor die skepping reeds in die boek van die lewe (Openb 13:8, 17:8). Hy het Sy Seun gestuur om die uitverkorenes met Homself te versoen op Golgota. In húlle lewens laat Sy Gees die geloof ontvlam deurdat die Gees hulle oorrompel met die hoor van die evangelie.

Dat Gereformeerdes die Bybelse leer van die uitverkiesing met dankbaarheid as die hart van die evangelie aanvaar, onderskei hulle van die meeste ander Christene. Maar juis dit maak ons gereformeerd.

### 1.3.2 Kerk van die Woord

Omdat Gereformeerdes glo dat 'n mens slegs uit genade deur die geloof in die Belofte van die evangelie gered word – dat God Sy uitverkorenes deur Sy praat red – is die verkondiging van Gods Woord van beslissende belang. Daarom moet die kerk 'n kerk van die Woord wees. Die ideaal is dat die gemeente deur die omgang met die Woord opgebou word tot 'n mondige gemeente van belydende gelowiges wat nie net self in die heil deel nie, maar wat die eer van God op alle terreine van die lewe soek en as profete, priesters en konings vir Christus in die wêreld lewe. Dit het geweldige gevolge vir die verstaan van die ware aard van die erediens. Nie die liturgie, sakramente, godsdienstige seremonies en religieuse praktyk nie, ook nie die gesellige saamwees van gelowiges nie, maar die gepreekte Woord wat die verlorenheid van die mens onthul en die vrye genade van God aan sondaars toesê, vorm die hart van die erediens en die ganse bediening van die kerk.

Wanneer die gepredikte Woord in welke opsig en om welke rede ook al uit sy sentrale posisie in die erediens en die kerklike lewe verdring word, kom die gereformeerde karakter van die kerk onder druk. Gereformeerdes beskou die Bybel as die onfeilbare Woord van God en verwerp alle vorme van hoër Skrifkritiek wat die Bybel degradeer tot 'n menslike religieuse geskrif. Ook hierdie oortuiging maak ons gereformeerd.

### 1.3.3 Die wet van God

Dat die eer van God op alle terreine van die lewe gedien moet word, hang vir Gereformeerdes saam met hulle oortuiging dat 'n mens wat uit genade gered is, ook persoonlik deur die Gees geheilig en in die wêreld uitgestuur word om dáár die wil van God te doen. Daarom neem gereformeerde gelowiges ook die hele Woord van God ernstig op as Ou en Nuwe Testament en as Wet en Evangelie. Hulle verstaan die Bybel nie net as die blye boodskap van vergifnis nie, maar ook as die blye boodskap dat Christus die mag van die sonde oorwin het en dat gelowiges geroep word om in hulle hele lewe uit hierdie oorwinning van Christus te lewe en Gods gebod in alles te gehoorsaam.

Gereformeerdes is mense wat nie net hulle persoonlike lewe nie, maar ook hulle gesinslewe en gemeenskapslewe, hulle arbeid en ekonomie, ja, ook hulle politieke lewe volgens die eise van God se wet wil inrig. Dit is tipies gereformeerd om die Wet van God op alle lewensterreine te wil gehoorsaam uit dankbaarheid vir Sy vrye genade én dit binne die erediens te laat funksioneer.

### 1.3.4 Die verbond

In die tyd van die Reformasie moes die Reformatore deurentyd vanuit die Woord keerwalle opwerp na twee fronte toe. Enersyds die kerk van Rome en andersyds

die Wederdopers. Oor die algemeen het die Wederdopers radikaal met die Reformatoriese kerk gebreek, die kinderdoop verwerp en die buitengewone gawes van die Gees nagejaag. Volgens die Wederdopers het die Reformatore nie ver genoeg gegaan met die kerkhervorming nie. Daarom wou die Wederdopers na die ervarings van die eerste Pinksterdag en die godsdienstige belewing van die Korintiese gemeente (1Kor 14) teruggryp. Die Reformatore het hulle duidelik van die Wederdopers gedistansieer. Die hele situasie het hulle egter genoop om die Bybelse gronde vir die kinderdoop te verhelder. Dit het hulle gedoen deur die leer van die verbond te ontwikkel.

Die kerk het altyd geweet dat die genadeverbond 'n basiese werklikheid in Gods verhouding met Sy volk is, maar dit was die taak van die Reformatore om die verbondsleer vollediger te ontwikkel. Gereformeerdes glo dat God se verbond vir die kerk van alle tye betekenis het. Hulle glo, soos Paulus, dat die kerk van die Nuwe Testament ingeënt is op die olyfstam van Israel (Rom 11). Daarom aanvaar hulle dat die gemeente van Christus dieselfde verbondstruktuur as die gemeente van die Ou Testament besit. Die gemeente bestaan nie uit bekeerde individue nie, maar uit gelowige families. Die doop dra dieselfde basiese betekenis as die besnydenis.

Gereformeerdes onderskei geen aparte, alleenstaande "verbondsleer" as iets ekstra tot die evangelie nie, maar sien die totale boodskap van die Bybel as evangelie van die verbond. Evangelie en verbond is dus sinoniem aan mekaar. Spesifiek hierdie oortuiging maak ons gereformeerd.

### 1.3.5 Kerkregering (Presbiteriaal)

Om gereformeerd te wees beteken immers om seker te wees dat die Gereformeerdes is op grond van die Bybel daarvan oortuig dat plaaslike gemeentes selfstandige kerke in hulle eie reg is en dat die drie Bybelse ampte

van leraar, ouderling en diaken in die kerk onderhou moet word. Op hierdie eenvoudige gegewens is die gereformeerde stelsel van kerkregering (presbiteriaal) gebou wat alle priester-heerskappy en hiërargie uitsluit en daarvan uitgaan dat die Woord van God die maatstaf moet wees waaraan die besluite van alle kerklike vergaderings gemeet moet word.

In 'n gereformeerde kerk heers die "meerdere" vergaderings nie oor die plaaslike gemeente nie. Daar bestaan ook nie so iets soos 'n sentrale kerklike "bestuur" nie. Die voorsitter van 'n meerdere vergadering behou geen deurlopende "posisie" nadat die vergadering verdaag het nie. Spesifiek hierdie vorm van kerkregering maak ons gereformeerd.

### 1.3.6 Kerkmusiek

Die Reformasie het weggedoen met die liturgiese erediens van die Roomse kerk. Prediking en gebed het die hoofsaak van 'n sober erediens geword. Omdat Gods Woord die erediens beheers, is daarop aangedring dat ook die kerklied Bybels moet wees. Dit was belangrik dat die hele erediens (elke element van die liturgie) vanuit die Woord moet opkom, want dán kom dit "van Bo" (teonoom). Dit was voor die hand liggend om slegs Skriftuurlike liedere, en dus in die besonder die berymde Psalms, te sing. Ook toe later aanvaar is dat Nuwe Testamentiese liedere in die erediens gesing moet word, was die bedoeling nie om die Psalms af te skeep nie.

Wêreldwyd is dít steeds 'n uitstaande kenmerk van alle Gereformeerdes: die groot voorliefde vir die Psalms – omdat Gereformeerdes hulself deel weet van die één volk van God in die ou en nuwe bedeling en omdat hulle die Psalms verstaan as die geïnspireerde Woord van God en die geïnspireerde reaksie van Gods volk op Sy liefde en tugtiging. Dit is vir Gereformeerdes 'n onopgeefbare

rykdom. 'n Kerk wat nie meer Psalms sing en daaraan voorkeur gee nie, kan beswaarlik gereformeerd genoem word.

### 1.3.7 Spiritualiteit

Die gereformeerde spiritualiteit word gekenmerk deur die besef dat die heil gegrond is in God se genadige verkiesing wat alleen deur die geloof ontvang word.

Voorts word die gereformeerde spiritualiteit gekenmerk deur die klem wat Gereformeerdes lê op die feit dat God die heil langs die weg van die verbond aan die gelowiges en hulle kinders belowe. Dit is egter meer as net 'n blote individuele heiliging. Nie alleen moet hierdie heil persoonlik toegeëien word nie, maar die totale lewe moet onder die beslag van God se wet kom. Daar is geen duimbreedte van hierdie werklikheid waarvan God nie sê "Dit is myne!" nie. Dit gee aan die gereformeerde vroomheid 'n profetiese karakter. Dit gaan om die heiliging van die ganse lewe.

Uit dit alles is dit duidelik dat die gereformeerde geloof nie maar net nóg 'n kerklike "tradisie" tussen al die ander Christelike tradisies is nie. Die bedoeling van die Reformasie was 'n herstel van die outentieke Christelike geloof. Wat 'n rykdom om gereformeerd te mag wees!

## 1.4 Wat beteken dit om gereformeerd te wees?

Gelowige mense koppel verskeie uiteenlopende betekenisse aan die woord "gereformeerd-wees", en as gevolg hiervan bestaan daar geweldig baie verwarring oor die vraag: "Wat dit beteken om gereformeerd te wees?"

Vir baie mense is gereformeerd-wees iets wat hulle negatief beleef, terwyl ander dit toeskryf aan die vorige politieke bestel wat in Suid-Afrika aan die orde was. Party koppel gereformeerd-wees aan konserwatisme, terwyl ander dit om die ou tradisies en gewoontes waarmee hulle grootgeword het koppel (tradisionalisme). Ander koppel gereformeerd-wees aan 'n bepaalde vorm van erediensinkleding waar dinge soos styfheid en doodsheid voorgehou word, terwyl sommige voel dat alles wat vernuwing teenstaan gereformeerd-wees is.

Met al hierdie verwarring oor gereformeerd-wees wonder 'n mens of dit enigsins nog die moeite werd is om gereformeerd te wees. Is dit nie iets wat hoort by 'n uitgediende sisteem, 'n bedeling wat verby is, nie? Jy kan nie anders as om te wonder of daar nie 'n soort vervagingsproses aan die gang is waar die "eiegoed" van gereformeerde-wees al hoe meer onduideliker word en al hoe meer opgaan in 'n soort algemeen ekumeniesgesinde Christendom nie. Dit is al asof gereformeerd-wees al hoe meer 'n bysaak is en liefs gelaat kan word. Wie egter ontdek het wat gereformeerd-wees in der waarheid beteken, kan nie met al hierdie idees saamstem nie.

Om gereformeerd te wees beteken immers om Bybels te wees. Die woord "gereformeerd" herinner ons juis aan die Groot Reformasie van die 16e eeu toe daar teruggekeer is na die Woord en na die Bybelse leer en na die Skriftuurlike manier van kerkregering. Reformasie is immers 'n ommekeer tot daadwerklike gehoorsaamheid aan Christus in alle opsigte. Om gereformeerd te wees beteken dus om Bybels te wees. Derhalwe beteken gereformeerd-wees om aan "die geloof wat een maal oorgelewer is aan dié wat God vir Hom afgesonder het" (Judas vers 3).

Gereformeerd-wees het dus niks te make met konserwatisme of progressivisme nie. Konserwatisme weier om vorentoe te beweeg en dring aan dat alles moet bly soos dit is. Uit reaksie hierop wil progressivisme die kerk weglei van haar

belydenis en die kerk verander tot 'n produk van die moderne tyd. Iets nuuts moet dus op 'n nuwe fondament opgerig word.

Om gereformeerd te wees beteken daarenteen om steeds te reformeer. Dink aan die bekende spreuk: "Ekklesia reformata semper reformanda ad fontes." Dit is: "Die gereformeerde kerk sal aanhoudend reformeer terug na die bronne." Om gereformeerd te wees beteken dus om aanhoudend terug te keer na die Skrif. 'n Gereformeerde vind immers nie sy inspirasie in die gees van die tyd nie, maar in die Woord van God. Nooit kan dit maar net gaan om dit wat nuut is in 'n nuwe tyd nie. Dit móét altyd gaan oor Christus en Sy Woord. 'n Gereformeerde kerk beweeg vorentoe deur terug te beweeg na die Skrif.

### 1.5 Die historiese afkoms van die gereformeerde erediens.

Tereg skryf Barnard dat "die ontstaan en ontwikkeling van die Gereformeerde erediens mag nooit as 'n geïsoleerde gebeure gesien word wat êrens op sy eie plaasgevind het nie" (Barnard 1981:291). In 'n poging om die vraag na 'n gereformeerde erediens te beantwoord moet in gedagte gehou word dat die Reformatoriese beweging 'n groot invloed uitgeoefen op die ontstaan en ontwikkeling van die gereformeerde erediens.

Veral die volgende aspekte (vgl. Barnard 1981:291-292) het 'n groot invloed gehad op die ontstaan en ontwikkeling van die gereformeerde erediens:

- die Christelike humaniste.
- Luther se geskrifte en veral sy kritiek teen die Roomse mis (Bv. sy liturgie "Deutsche Messe" (1526) en die geskrif: "Von Ordnung Gottesdienstes in der Gemeinde" (1523), waarin hy sy beginsels vir die erediens aangegee het).
- Verskeie voorbeelde van 'n evangeliese Duitse mis, deur Karlstadt (1521), Kaspar Kantz (1522), e.a., wat voor Luther se liturgie ontstaan het, en

deel was van die agtergrond van die hervorming te Zürich en te Straatsburg.

- Zwingli se worsteling in sy geskrifte oor die erediens (veral "De canone missae epichiresis" - 1523) ten opsigte van die evangeliese erediens as vervanging van die mis.
- Leo Juda, die troue vriend en medewerker van Zwingli in Zürich het op versoek van Zwingli formuliere opgestel vir die doop, huwelik en begrafnis. Sy "Taufbüchlein" verskyn in 1523.
- Johannes Oecolampadius te Basel. In 1523 verskyn sy "Das Testament Jesu Christi". Dit is egter nie 'n liturgie nie, maar slegs 'n voorgestelde liturgie - dit is 'n in evangeliese sin gereinigde misformulier in Duits.

### 1.5.1 Die ontstaan van die gereformeerde erediens.

In ongeveer 1523, te Straatsburg, was daar 'n aantal Reformatoriese predikers wat die Reformatoriese saad gesaai met hul prediking. Predikers soos: Johann Geiler, Mattäus Zell, Wolfgang Capito, Casper Heidio, Theobald Schwarz en Martin Bucer.

Die gereformeerde erediens het sy ontstaan en oorsprong te danke aan Theobald Schwarz toe hy op Dinsdag, 16 Februarie 1524, 'n gewysigde Duitse mis in die Johannes die Doperkapel van die kateraal St. Laurence gehou het. 'n gewysigde (gereinigde) Duitse mis gehou. Op 19 Februarie 1524, drie dae later, in die St. Thomaskerk, is so 'n mis deur Firn herhaal.

Dit wat die hupstoot vir die vinnige ontwikkeling van 'n eie gereformeerde tipe liturgie vir die erediens. Dit het ook as model gedien vir die liturgie van Calvyn te Genève. Die inhoud en vorm van Schwarz se Duitse mis was meer as net 'n ingrypende vertaling en wysiging van die geldende Roomse mis. Alhoewel Schwarz die struktuur en ou seremonies (soos die liturgiese klere, die opheffing

van die elemente (elevasie), ens.) behou het, was daar tog merkwaardige veranderings aan die mis deur Schwarz aangebring, nl.:

- Al die verwysings na die offerkarakter van die mis word sorgvuldig uitgelaat en ons het 'n nuwe kanon, maar wat nog steeds die essensiele gedeeltes van die eucharistiese gebed bevat.
- Al die verwysings na die heiliges of die diens en verering van die maagd Maria word vermy.
- Die hele diens word in die landstaal en hoorbaar gesê. In plaas van die onbegryplike Latyn, kon die gemeente alles in hulle landstaal, Duits, hoor en dus verstaan. Verder is die hele diens met 'n duidelik hoorbare stem gesê, en dus nie saggies gesê of gesing nie. Ons kan ons haas nie voorstel wat hierdie verandering destyds vir die gemeente moes beteken het nie. Hoewel dus die meeste seremonies behou is, was die mense nou nie meer daarvan afhanklik om die diens te kon volg nie, want dit kon hulle self verstaan.
- Die confiteor wat in die mis gesê is as 'n private bieg van die priester, word nou 'n openbare skuldbelydenis. Van die "Breviarium Argentinense" neem Schwarz die confiteor oor, wysig dit effens en laat dit deur die gemeente hardop as 'n algemene skuldbelydenis sê. Hy noem dit "Die gemeine Beicht" en voeg daaraan toe die absolusie, wat egter uit slegs 1 Tim. 1 :15 bestaan het en waarby die priester gevoeg het: "Mag God genade met ons hê en ons seën. Amen."
- Die beide tekens van die nagmaal, die brood en die wyn, word aan die kerkvolk gegee.
- Schwarz staan met sy gesig in plaas met sy rug na die gemeente terwyl hy die hele diens lei. [Vgl. Barnard, 1981:294]

Uit bogenoemde kan duidelike kenmerke gesien word wat ooreenstem met die gereformeerde erediens, maar die mees belangrikste kenmerke van die gereformeerde erediens, naamlik die preek en die gemeentelike sang, ontbreek egter nog.

Hierdie orde van Schwarz word in 1524 gepubliseer onder die naam "Die Teutsche Mess", waarna nog vyf verdere uitgawes verskyn in dieselfde jaar verskyn. Alhoewel daar in elkeen van die uitgawes verder geskaaf is aan die orde van Schwarz het die preek nog ontbreek. Veranderings wat aangebring was, was o.a. die vermindering van die seremonies, die voorsiening van alternatiewe gebede, 'n keuse van twee post-kommunies. Gemeentelike sang in die erediens word eers in die derde en vierde uitgawe gevind.

Martin Bucer, wat in Mei 1523 as verbanne, gewese priester Weisenburg verlaat het, sluit hom aan by Schwarz in Straatsburg. Schwarz se optrede inspireer Bucer om 'n geprogrammeerde geskrif oor die vernuwing van die erediens op te stel en word in 1524, kort na Schwarz se eerste evangeliese Duitse mis, gepubliseer met die titel: "Grund und Ursach". Hierdie geskrif word een van die belangrikste dokumente vir die verstaan van die liturgie van die 16e eeu. In 1526 word 'n verdere ses uitgawes van Schwarz se Duitse mis gedruk. Ook hierin word die invloed van Martin Bucer al duidelik sigbaar en kan duidelik gesien word hoedat sy beginsels geleidelik begin deurwerk, en die mis van Schwarz verder wysig.

Martin Bucer se beskouinge oor die erediens, soos vervat in "Grund und Ursach", handel oor die verskillende fasette van die erediens. Alhoewel heelwat kritiek teen die mis uitspreek, deel hy die oerkritiek van al die ander reformatore, naamlik: teen die siening van die mis as 'n offer. Alhoewel hy later die struktuur van die mis prysgee, het hy die struktuur van die Roomse mis eers behou, dit gewysig en ingerig vanuit die evangeliese insigte.

Bucer gee dan ook voorstelle aan die hand hoe die erediens herstel kan word volgens die ou, ware vorm. Hy dui dan ook vier belangrike beginsels aan hoe dit gedoen kan word:

- *Die beginsel van die Skrif.* Met betrekking tot die wese en inrigting van die erediens dui hy telkens aan dat die erediens 'n "Godwelgevallige diens is

wat Hy self in ons werk deur die Heilige Gees" (Barnard 1981:296). In alles, moet daar aan die helder, duidelike verklarings van die Skrif – wat die gesag en outoriteit is – vasgehou word.

"Met die gesag van die Skrif hang ten nouste vir Bucer saam die besondere betekenis van die prediking. Die prediking is vir hom die grondliggende, die konstitutiewe element van die erediens. Ware aanbidding vind plaas waar die Woord uitgaan na die kerk en die kerk sy antwoord van gebed en lofprysings aan God bied. Die feit dat die Skrif as norm geneem is, het ook die wyse van spreek en van die gebed al meer beïnvloed" (Barnard 1981:296).

- *Die werk van die Heilige Gees.* Bucer lê swaar klem op die besondere werk van die Heilige Gees in die erediens, daar dan die rede hoekom hy teen die menigte seremonies is. Dit is tog immers die Heilige Gees wat die lewende Woord van God, via die prediking, 'n lewende werklikheid maak en die hart van die mens ontvanklik maak daarvoor. Dit is ook die werk van die Heilige Gees wat die mens tot geloof gebring en die mens "bring om te antwoord en tot 'n nuwe ]ewe van aanbidding en diens te stel" (Barnard 1981:297).

- *Die gemeente as die nuwe gemeenskap.* Vir Bucer is die hele gemeente 'n gemeenskap van die liefde. Hiermee beklemtoon hy die priesterskap van die gelowiges, asook die eis vir die eenvoud van die erediens, sodat elke gelowige kan deelneem aan die erediens. Daarom mag daar in die erediens niks gesê of gedoen of gesing word wat nie deur almal verstaan word nie. "Bucer beklemtoon die groot verantwoordelikheid teenoor die naaste om hom ook na Christus en tot aanbidding te bring. Hy vra: 'Hy wat nie sy broeder liefhet nie, hoe kan hy God verheerlik'?" (Barnard 1981:297).

- *Die Christelike vryheid.* As 'n reaksie teen die vaste voorgeskrewe liturgie van die Roomse mis, is die vryheid van die Christene 'n "uitvloeisel van Bucer se beskouing van die teenwoordigheid van en die werking deur die Heilige Gees, in die persone wat aanbid" (Barnard 1981:297). Sodoende kon enige lidmaat sonder verhindering die Here loof, prys en aanbid.

Die belangrikste kenmerke van Bucer se erediens wat Hy in Straatsburg daargestel het, is soos volg:

- *Terme* in die erediens verander:
  - In plaas van die "mis" word gepraat van die "maaltyd van die Here".
  - In plaas van "altaar" word gepraat van die "tafel van die Here".
  - In plaas van "priester", word gepraat van "dienaar" of "predikant".
- Die *instellingswoorde* word in ooreenstemming gebring met die teks van die Nuwe Testament.
- Die baie *seremonies* wat die mis gekenmerk bet, is drasties ingekort.
- 'n Groeiende betekenis word toegeken aan die *gemeentesang*. Die psalms kry groter aksent. In plaas daarvan dat slegs enkele verse gesing word, word die psalms in hulle geheel gesing.
- Die bekende *misgesange* soos die sanctus, benedictus en die kyrie eleison, verdwyn met die uitgawe "Psalme gebett und Kirchenubung", 1526, en die gloria mag vervang word deur die sing van 'n psalm.
- In plaas van die gebruik van die voorgeskrewe perikope in die erediens, word *gepreek* aan die hand van 'n deurlopende lesing van die bepaalde boek van die Skrif - die *lectio continua*. Die perikope is gebaseer op die kerklike jaar en met die loslating daarvan, verloor die kerklike jaar sy krag. Die prediking volgens die lectio continua is stellig gestimuleer deur die praktyk van Zürich en Basel.
- Die *collecta* wat ook op die kerklike jaar gebaseer is, is vervang deur *die gebed om die verligting*. In die geheel is gebreek met die strenge orde van die kerklike jaar van die Roomse mis.

- Die *preek* word 'n volwaardige deel van die erediens, ja 'n sentrale deel daarvan, en nie meer slegs 'n aanhangsel soos by die mis nie.
- Die *Nagmaalsviering* is beskou as 'n tweede deel van die erediens, na die Woordbediening, en is daarmee saam as 'n eenheid beskou.
- Die *sakramentsbediening* word voorafgegaan deur 'n *breë onderrig* ten dienste van die gemeente, omdat die handelinge by die doop en nagmaal slegs tot geloof kan sterk wanneer die gemeente die sin daarvan verstaan. Hier lê die oorsprong van die didaktiese karakter van die Gereformeerde sakramentsformuliere.
- Alle vorms van *dialoog* tussen die dienaar en die volk *verdwyn*, asook die liturgiese response en die keringe van die volk na die altaar.
- Waar Bucer aan die begin nog aan die *struktuur van die mis* vasgehou het, het hy in sy latere ordes van Straatsburg daarvan wegbeweeg.
- *Sondebelydenis en absolusie* staan aan die begin van die diens.
- Die *erediens* te Straatsburg was wat oorsprong en struktuur betref, *'n kombinasie uit die pronaus en die mis.*
- Nie slegs vir die Woord- en Nagmaalsdienste het Bucer 'n orde gehad nie, maar ook *'n orde vir die huwelik, doop, begrafnis en vir die leiding by siekebesoek.*

  (Bogenoemde is aangehaal uit Barnard 1981:298).

Bucer het in 'n wye kring erkenning geniet. Nie net het dit die invloed van die liturgie van Straatsburg verhoog nie, maar het laasgenoemde die sentrum van liturgiese hersiening geword met Bucer in 'n uitvoerende posisie. Sleutelpersone soos Johannes Calvyn, Valerandus Poullain, Casper Olevianus, en andere, is deur Bucer en sy Straatsburg liturgie beïnvloed, en daarmee die verdere gang van die gereformeerde liturgie.

Die invloed van Straatsburg (asook Luther en Zwingli) het ook oorgespoel na Basel. Laasgenoemde was dan ook 'n belangrike kweekplek van die Reformatoriese denke. Johannes Oecolampadius, leraar van die St, Martinkerk,

het hier leiding geneem. Ook hier was 'n soeke na 'n oorspronklike suiwer Christelike diens. Oecolampadius wyk so 'n bietjie af van die Straatsburg orde en die liturgie van Zwingli. Hy rig die erediens in vanuit die pronaus (die preekdiens) deur die apostolicum, die algemene gebed, die Onse Vader en die openbare skuldbelydenis en absolusie uit die pronaus oor te neem, en voeg dan die Skriflesing, instellingswoorde en Onse Vader by.

"Hierdie was egter nie die amptelike liturgie van die stad Basel nie, want dit was nog Rooms. Dit vind plaas naas die mis as 'n nuwe, evangeliese Nagmaalsviering, en wel binne die kring van 'n aantal persone rondom Oecolampadius in die St. Martinkerk" (Barnard 1981:300).

Anders as Straatsburg en Basel wat 'n hoe peil van Christelike kultuur bereik het wat die weg vir die reformasie voorberei het, was Genève nie voorbereid vir die morele, opvoedkundige en liturgiese eise wat so 'n besluit meebring nie. Eers na Farel se aankoms in 1533 is die eerste evangeliese diens in Genève gehou, en sodoende die begin van die reformasie van die erediens in Genève ingelei.

Dit was eers na meer as 'n jaar, op 4 (of 8) Augustus, 1535, toe Farel deur 'n entoesiastiese skare, na die St. Pierre-katedraal, weggedra is om aldaar te preek, dat die reformasie van die erediens in Genève deurgebreek het. Daarna het daar 'n paar radikale dinge plaasgevind wat die hele reformasie van die erediens onkeerbaar gemaak het, nl.:

> "Nog op dieselfde dag is die beelde in die katedraal neergehaal. Dieselfde het die volgende dag gebeur met die beelde in die orige kerke. Die Raad van Genève besluit op die voorlopige opskorting van die mis. Nadat aan die Roomse geestelikes die geleentheid gegee is om hulle te verweer, is die besluit op 29 Nov. bekragtig. Op 21 Mei 1536 is deur die volksvergadering plegtig verklaar en gesweer "om met die hulp van God te leef in die heilige wet van die evangelie en die Woord van God... en

afstand te doen van alle misse en ander pouslike seremonies en misstande, beelde en bygelowighede..." So het die reformasie al hier 'n werklikheid geword. Nou kon die opbou van die gemeente in Reformatoriese gees ter hand geneem word" (Barnard 1981:310).

'n Paar weke nadat Genève amptelik die reformasie aanvaar het, het Johannes Calvyn in die stad aangekom. Onwetend wat sy aankoms in Genève vir hom alles gaan inhou, was hy eintlik van plan om net die nag oor te bly en dan verder te reis. Farel, wat van Calvyn se aankom te hore gekom het, het besef dat Calvyn hom kan help om die reformasie deur te voer. Alhoewel Calvyn nie in Genève wou bly nie, het Farel hom oorreed om in Genève aan te bly. So het Calvyn dan begin om, deur sy werk, 'n onskatbare bydrae tot die vernuwing van die erediens te maak.

Om die gemeente en die erediens op te knap, spring Calvyn en Farel aan die werk en stel hulle, hulle bekende artikels, naallik die: "Articles conernant l'organisation de l'eglise et du culte a Geneve . . ." op, en word op 16 Januarie 1537 aan die Raad voorgelê. In hierdie artikels stel Calvyn en Farel die volgende vier beginsels :

- Die nagmaal moet sy regmatige plek in die weeklikse viering op die dag van die Here verkry. Hulle besef egter dat die peil van die geloofslewe van die volk nog te laag is vir die weeklikse viering. Hulle beveel daarom aan dat dit in die verskillende kerkgeboue minstens een maal per maand gevier word, en wel so dat die nagmaal in ten minste een kerk elke Sondag gevier word.
- Die nagmaal mag nie in verval raak deurdat dit aan mense gebied word wat nie daarop voorbereid is nie, en daarom die eis dat kerklike dissipline ingestel word, en dat onboetvaardiges weggewys word.
- Hulle wil iets in die erediens inbring om die plek in te neem van die kategumenaat van die vroeë kerk.

- Hulle spreek hulle uit ten gunste van die ontwikkeling van die gemeentesang, en dan veral die psalms.
  (Vgl. Barnard 1981:311).

Vir 'n tyd lank het dit goed gegaan met die vordering van die organisasie van die gemeente en die eredienste. Daar het egter 'n groeiende teenstand teen Calvyn en Farel ontstaan, en in 1538 word beide deur die Raad uit Genève verban, met die gevolg dat die eens bloeiende en belowende werk van die reformasie in Genève ten opsigte van die erediens en van die kerklike lewe, feitlike tot 'n stilstand gekom het.

Vir eers swerf Calvyn op 'n paar plekke rond alvorens hy gehoor gee aan die herhaalde pleidooie van Martin Bucer om na Straatsburg te gaan. Met sy aankoms in Straatsburg ontvang Calvyn 'n tweeledige taak: om as leraar die klein Franse gemeente te bedien, en om as lektor in die Bybel les te gee aan die akademiese gimnasium. Deur studie, deur die verantwoordelikheid vir die gemeente en deur die kontak met die goedontwikkelde liturgie van die reformasie hier te Straatsburg, het Calvyn se insigte verdiep en verryk.

'n Paar jaar later is Calvyn deur die Raad van Genève versoek om na hierdie stad terug te keer. Op 13 Oktober 1541 word hy met groot entoesiasme terug ontvang in Genève. Calvyn spring dadelik aan die werk en begin die gemeente weer van vooraf organiseer en opbou. Kort na sy aankoms aldaar publiseer Calvyn 'n eie liturgie (wat 'n liedboek insluit) Genève, nl.: “La forme des prières et ecclésiastiques” (“Die vorm van die gebed en die kerklike sang”). Aangesien Genève nog nie so 'n lang liturgiese tradisie soos Straatsburg gehad het nie, het Calvyn die liturgie van Straatsburg aangepas en verander om aan te pas by die omstandighede van Genève.

### 1.5.2 Die oorsprong van die gereformeerde erediens

Die oorsprong van die gereformeerde erediens kan, volgens Barnard (1981:327 e.v.), gesoek word in:

(a) ***Die Roomse mis*** wat gereinig is van al die verskillende elemente wat vir die reformatore onaanvaarbaar was. Daar is egter verskillende nuanserings van hierdie standpunt, t.w.

- W. D. Maxwell sê dat alhoewel baie aan die mis verander het, het die grondstrukture egter behou gebly.
- G. J. van de Poll en J. H. N. Nichols is weer van mening dat die gereformeerde erediens slegs die groot lyne van die mis volg.

"Dat die struktuur van die mis behou is, is waar van die Lutherse diens" (Barnard 1981:327). Zwingli en Bucer het wel die mis gesuiwer ten opsigte van die elemente wat in stryd met die Skrif was, maar beide het later van die mis weg beweeg. Interessant dat by Calvyn geen struktuur van die mis te vinde is nie.

"Die groot verskil is egter dat die Gereformeerdes aan die erediens 'n hele ander middelpunt gee as die mis en 'n ander siening het van die funksie daarvan, en dit maak alles anders, ook die elemente wat oorgeneem word" (Barnard 1981:328).

(b) ***Die pronaus (prône),*** overgesetsynde, die laat Middeleeuse preekdiens, soos wat dit aan die reformatore bekend was. Alhoewel hier ook verskillende nuanserings van hierdie standpunt is, blyk dit tog dat daar 'n oor-en-weer beïnvloeding van die verskillende reformatore was, o.a. Bucer, Zwingli, Farel, Calvyn, e.a.).

Dat die voorbeeld en die elemente uit die pronaus 'n belangrike rol gespeel het in die oorsprong van die gereformeerde erediens, is nie te

betwyfel nie. Opvallend is die feit dat die elemente wat uit die pronaus oorgeneem is en 'n wesenlike deel van die gereformeerde erediens geword het, was hierdie elemente slegs 'n aanhangsel in die pronaus diens. "Waar die elemente in die pronaus 'n aantal kategetiese stukke in die diens was, het dit in die gereformeerde erediens 'n liturgiese betekenis verkry en het dit 'n nuwe betekenis verkry waar dit deel geword bet van die nuwe siening van die erediens" (Barnard 1981:328).

(c) ***Die nuwe skepping van die erediens.*** Sommige ondersoeker, soos Ebrard, Wolff, Albertz, Sprott en Mahrenholz, Nagel, e.a., is van mening dat die reformatore nie aangesluit het by enige bestaande vorm van erediens nie, maar dat dit 'n nuwe, selfstandige skepping was, en dat die Woord van God wat in die prediking uitgelê word, aan die erediens sy bepaalde gestalte gee. Ander ondersoekers soos Nichols en Schmidt-Clausing beweer egter dat Zwingli se vorm en liturgie van die erediens, veral ten opsigte van die Nagmaalsdiens, 'n nuwe skepping was, alhoewel hy nie aan die inhoud van die erediens verander het nie.

Daar moet egter gelet word dat waar elemente van die erediens in 'n ander orde en verhouding gestel word, dit 'n nuwe teologiese betekenis uitdruk. In dié sin het Zwingli, Calvyn en andere nuut geskep. "Die nuwe is veral daarin geleë dat die hele diens vanuit 'n nuwe middelpunt, die regverdiging uit die geloof deur genade, en vanuit 'n ander blikpunt, naamlik as 'n gesprek tussen God en sy volk, gesien en ingerig is" (Barnard 1981:329).

Vanuit die bogenoemde drie standpunte kan die volgende afleidings oor die oorsprong van die gereformeerde erediens gemaak word:

- dit groei uit die gegewe situasie van die mis wat drasties hersien word.
- dit word beïnvloed deur die voorbeeld van die pronaus.

- dit is getoets aan die beginsels van die Skrif, hervorm en vernuwe, en alhoewel dit tekens van ooreenkoms met ander bestaande dienste vertoon, is dit veral die inhoud en die gees wat die heeltemal nuut maak en kan ons met reg daarvan praat as 'n nuwe skepping.

"Die verskillende lyne van ontwikkeling van die Gereformeerde erediens loop saam in Calvyn .... In 'n sekere sin kom die Gereformeerde erediens in die sestiende eeu by Calvyn tot 'n afsluiting" (Barnard 1981:330).

Calvyn het weliswaar nie alles self geskep nie. Daar was 'n hele ontwikkeling op liturgiese gebied voor Calvyn. Hy het net dit wat hy by andere aantref het, saamgevoeg en 'n spesifieke karakter daaraan gegee. Sodoende het Calvyn op sy eie besondere wyse bygedra tot die vorming van die gereformeerde erediens. Calvyn se Geneefse liturgie het self 'n hele proses van ontwikkeling en rypwording deurgegaan, wat in die erediens sy neerslag gevind het. In verband met die Geneefse liturgie sê H.O. Old tereg: 'Its development passed from one generation to another and its history was made in many cities. The churches of Basel, Strasbourg, Ulm, Neuchâtel, Meaux, Augsburg and Zurich all left their mark on the liturgy before it was introduced into the Church of Geneva in 1542'." (Soos aangehaal deur Barnard 1981:330).

## 1.6 Samevatting

Vir die Reformasie het dit dus gegaan om die werklike teenwoordigheid (praesentia realis) van God in die erediens. In die soeke na 'n verantwoorde liturgie is daar baie sterk teruggegryp na beide die Bybelse beginsels daarvoor asook na die voorbeeld daarvan in die vroeg-Christelike kerk, sonder om dit identiek met laasgenoemde te maak. Dit het vir die Reformasie ten diepste om leerstellige redes, waarin met Rome verskil is, gegaan. Veral persone soos

Luther, Zwingli en Calvyn het 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van die Gereformeerde erediens.

(a) ***Luther*** het veral die volgende aksente in sy liturgiese teruggrype na vore laat kom: Eerstens dat daar vrye ruimte vir die verkondiging van die Woord moet wees; tweedens dat die offergedagte van die Roomse Mis uit die nagmaalviering moet verdwyn, en dat die nagmaal 'n maaltyd-karakter moet verkry; derdens dat die gemeente in die priesterskap van die gelowiges 'n aktiewe deel in die erediens moet hê, derhalwe die belangrike plek van die kerklied, en vierdens dat die erediens uiteindelik in die volkstaal moet verloop sodat die gelowiges geheel aan die diens kan deelneem.

Luther se voorstelle vir die liturgiese vorm van die erediens vind ons in sy Formulae Missae (1523) en Deutsche Messe (1525). Die orde in die Deutsche Messe sien as volg uit:

- Geestelike lied of Duitse psalm
- Kyrie eleison (3 maal)
- Collecta (priester met die gesig na die altaar) Epistel (priester met die gesig na die volk) Duitse koraal
- Evangelie
- Credo (geloofsbelydenis)
- Prediking
- Parafrase van die Onse Vader Vermaning
- Instellingswoorde en Kommunie; tydens uitreiking van die brood: Sanctus ("Die Heilig" lied in Duits), na die seën van die beker: Agnus Dei
- Post-kommunie (danksegging)
- Seën (Num. 6).

Die normale diens van die gemeente het dus sowel die prediking as nagmaal ingesluit.

(b) ***Zwingli*** word dikwels vir sy liturgiese benadering teen die agtergrond van sy humanistiese standpunt geplaas. "Die gevolg hiervan was dat hy in sy teologiese uitkyk, meer rasioneel, minder misties en sterk analities sou wees" (De Klerk 1982:54). Dit verklaar ook dan waarom sy liturgiese gebede so 'n didaktiese vorm het, en waarom die nagmaalviering so rasioneel benader is. Kenmerkend van Zwingli se wegbreek van die Roomse Misdiens is die volgende:

- Die klem op die Skriflesing en homilie (preek) is baie sterk.
- Die nagmaal word as herinneringsfees slegs vier keer 'n jaar gevier (ante-kommunale gebruik van die sakrament).
- Die tekens van die nagmaal word aan die gemeente wat sittend in die banke bly sit het, uitgedra deur die diakens.
- Die erediens het 'n baie sombere en eenvoudige karakter gedra, terwyl die musiek en sorg vervang is met spreekkore.

In sy latere uitsprake en werke aksentueer hy die geestelike teenwoordigheid van Christus by die nagmaal in 'n toenemende mate. Met name in sy Fidei Ratio (1530) en Ex-positio Fidei (1531) tree dit sterk op die voorgrond.

(c) ***Calvyn*** het veral klem gelê op die vereenvoudiging van die diens, die betekenis van die preek, die uitbreiding van die gemeentesang, die afskaffing van allerlei seremonies, en die vervanging van die verskillende terme wat te veel aan die Roomse offergedagte herinner het. Ten spyte van baie teenkanting handhaaf hy die gedagte dat die Woord drie dinge verorden het vir die samekoms van die gemeente: (i) die prediking van die Woord; (ii) die openbare en plegtige gebede; en (iii) die bediening van die Sakramente met name van die Nagmaal.

Calvyn se liturgiese orde van die erediens het soos volg daaruit gesien:

- Die skuldbelydenis, Skrifwoord van vergewing en absolusie het 'n vaste plek in die erediens.
- Aan die gemeentesang, ook as antwoord in die liturgiese gang van die diens, heg hy groot waarde. So, byvoorbeeld, laat hy die gemeente die Dekaloog en die Apostoliese Geloofsbelydenis sing.
- Die voorgebed is kort en enkel 'n bede om verligting deur die Gees met die oog op Skriflesing en prediking.
- Skriflesing en prediking word as 'n eenheid gehandhaaf. Op die voorlees van die Woord volg onmiddellik die verklaring en toepassing.
- Daarop volg die groot gebed met voorbidding vir allerlei sake en met insluiting van die Ons Vader.
- Die Apostoliese Geloofsbelydenis volg telkens as antwoord van die gemeente op die preek.
- Die voorganger verrig die diens van agter die Nagmaalstafel, maar gaan op die kansel vir voorgebed, Skriflesing en prediking.
- Die seën is steeds uit Num. 6.

Die liturgiese orde, wat Calvyn voorgestel het, is deur John Knox na Engeland oorgebring en deur Marten Mikron in medewerking met Johannes 'a Lasco na die Protestantse vlugtelinggemeente in Londen. Dit het ook wortel geskied in Nederland, Frankryk en elders waar Protestantse gemeentes saamgekom het.

(d) ***Dathenus***, wat sedert 1554 die Nederlandse vlugteling-gemeente in Paltz bedien het, kan as die grondlegger van die Nederlandse liturgie van die Calvinistiese kerke beskou word. Volgens H. Jonker begin die Nederlandse liturgie hier. Die kenmerke van Dathenus se liturgiese geskrifte is, volgens H. Jonker (ongedateer:88) die volgende:

- Die Woordverkondiging het die misoffer vervang.
- Die tug oor die gemeente word sterk verbind met die liturgiese lewe van die gemeente.

- Die formuliere is opvallend onderrigtend van aard. (iv) Die beklemtoning van die leerrede laat die erediens 'n sterk intellektualistiese aspek verkry.
- Die liturgiese handelinge is in vergelyking met Rome baie sober.
- Die presbiteriale kerkregering word baie sterk vooropgestel ...

Die betekenis van die liturgiese orde in die Gereformeerde Kerke soos dit ontwikkel het vanuit Genève oor die arbeid van Dathenus heen, het ook vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika groot betekenis gehad. “Die gerigtheid van die liturgie op God (teosentriese aard), die normatiewe karakter van die Skrif, die aksentuering van die Woordverkondiging, die handhawing van die nagmaal as maaltyd, die aandeel van die gemeente deur sang en belydenis in die eie taal, die ordelike verloop van die erediens en nog veel meer, kan direk teruggelei word tot hierdie verlede” (De Klerk 1982:57).

Die liturgiese besef het egter na die Hervorming, en veral gedurende die 18de eeu, ’n insinking beleef. Die besef dat die erediens voor alles 'n ontmoeting van die Here met sy volk is, het verlore gegaan. Die binding aan die gemeente as liturgiese vergadering van God se volk het verdwyn. Hiervoor was beide die "verligting", met die aksent op die rede en die wil, en die "pietisme", met die aksent op die eie sielsbelewing, verantwoordelik. Dit alles het meegewerk tot 'n slordigheid, onnoukeurigheid en onverantwoordelikheid rondom die vorm van die erediens ontstaan het.

In die Protestantse Kerke het die liturgiese herlewing (reveil-verligting) aan die begin van die vorige eeu sterk na vore gekom terwyl dit in die Rooms-Katolieke kerk veral by Vaticanum II (1963) deurgewerk het. Wat die Protestantse Kerk betref, was daar die volgende beweginge:

(i) Die ***Sakramentalisme*** of ook die herwaardering van die nagmaal as die sentrum van die erediens wat by teoloë soos Van der Leeuw met sy

pragtige werk Liturgiek na vore gekom het. Die gesprek tussen Van der Leeuw en sy opponente, waaronder Noordmans en Lekkerkerker, is een van diepsinnige teologiese besinning. Van der Leeuw wat kragtens sy fenomenologiese uitgangspunt alles wou bind aan die vleeswording, het die volbragte werk van Christus wat nie weer herhaal kon word nie, asook die betekenis van die werk van die Heilige Gees in gedrang gebring.

(ii) Die ***spiritualisme*** van die Pentekostalisme en aanverwante groepe wat die vernuwing soek in die ongebondenheid sonder liturgiese orde. Die geestesgawes (charismata) van tale, profesie, genesing, ens. bepaal nou die aard en inhoud van die erediens. Die aksent val op die ekstatiese en emosionele belewing.

(iii) Die ***funksionalisme*** wat opkom uit die struktuur-funksionele benadering van die Sosiologie. Die verkeerde toepassing van die benadering wyt die swak kerklike meelewing en erediens-besoek aan die struktuur en vorm wat dan nie sou deug nie. Die norm vir die struktuur en derhalwe ook vir die liturgiese vorm word gesoek in die gebrek aan suksesvolle funksionering. Die vraag na die geloof en na die inhoude word nie allereers gevra nie en die struktuur word sonder meer afgemaak. Met so 'n benadering sou die struktuur en vorm van die tabernakeldiens seker ook afgeskryf moes gewees het. Dat die kritiek van Pruim, e.a. aandag verdien, beteken nog nie dat alles herstruktureer moet word nie.

(iv) Die ***konserwatief-progressiewe*** benadering waarin na die eis van Gods Woord en in die lig van die liturgiese ontwikkeling gepoog is om die liturgiese vorme en handelinge te suiwer om te wees wat God dit gewil het om te wees. Vanaf Kuyper tot op hede het die besinning oor die liturgie binne Gereformeerde kringe steeds in omvang en diepte toegeneem. Die kerke en teoloë was bekommerd oor die slordige,

ondeurleefde en dikwels onverantwoorde wyse waarop met die hart van die kerklike lewe omgegaan is. Die eerlike besinning het beslis bygedra tot die verantwoording oor en die verdieping van die liturgie.

In die Roomse Kerk het die volgende vernuwingsaksente geblyk toe Pous Paulus VI na die sitting van die 2de Vatikaanse konsilie die besluit wat op 4 Desember 1963 oor die heilige liturgie geneem is, afgekondig het.

- die herwaardering van die Bybel as bron vir die liturgiese lewe - sonder oplossing van die probleem tussen Skrifgesag en tradisie;
- die prediking as onderdeel van die liturgie het nuwe betekenis gekry;
- die bevordering van die aktiewe deelname van die gemeente;
- die vereenvoudiging van die liturgie self;
- die herstel van die gebed as smeking in nood; en
- die meerdere deelname van die lidmate in gemeentesang.

Hieruit blyk dit duidelik dat die Gereformeerde erediens nie pasklaar tot stand gekom het nie. Dit het gegroei, is telkens hersien en omgewerk – nie as gevolg van onsekerheid of die sug na eksperimentering nie, maar teenoor die Roomse mis wat 'n onveranderlike grootheid geword het, lewe die Gereformeerde erediens en dit beteken groei en vernuwing.

Die orde van die diens moet immers uitdrukking gee aan die sentrale betekenis van die Skrif en juis daarom moet daar steeds gesoek word na ’n sinvolle en gepaste liturgie om aan die grondbeginsels van die Skrif ’n duidelike en konkrete gestalte te gee. Die erediens is in wese die hartklop van die verhouding tussen God en gemeente. “Die erediens voed die spiritualiteit” (MU Strauss, Acta Theologica, 127).

Luidens 'n berig in Volksblad (23/06/05) het prof. Fanie Snyman van die UV op die onlangse predikantekonferensie gewaarsku teen die neiging na fundamentalisme in sekere kringe in die NG Kerk, dit beskryf as 'n groter gevaar

as enige dwaling en dit as "die dood in die pot" bestempel. Hy het gesê dat die samelewing in 'n oorgangsfase tussen modernisme en postmodernisme, tussen sekerhede en onsekerhede verkeer en dat die onsekerhede mense laat gryp na die sekerhede wat die fundamentalisme hulle bied. Applous, wil ek hom gee.

Die fundamentalis dink in absolute terme en funksioneer met die teenstelling van wit/swart, vriend/vyand, ens. Dit is maklike teenstellinge, maar situasies is gewoonlik meerkantiger (hulle sien net een kant) en daarom is hulle gewoonlik nie in staat om die ingewikkelde aard van verhoudinge tussen dinge (ook in die postmoderne konteks) na te speur nie. Hulle sien alles in verhouding tot 'n alles bepalende absolute.

Dieselfde geld byvoorbeeld ten opsigte van die NG Kerk se gereformeerde identiteit. Daar bestaan twee sienings te wete 'n eng (fundamentalistiese) siening van gereformeerdheid wat êrens in die 17de eeu vasval, maar ook een van 'n breër evangeliese gereformeerdheid. Mense wat laasgenoemde siening huldig, sal redeneer dat gereformeerdheid juis 'n vernuwingsbeweging is en nie afgehandel is met Luther en Calvyn nie.

Wanneer ds. Elsje Büchner dus in die Woord en Perspektief-rubriek (03/05/05) skryf dat Calvyn nie meer alle kerkmusiek en die erediens vanuit sy graf kan regeer en namens die mens in die 21ste eeu praat nie, behoort dit lidmate nie te ontstel nie, want Calvyn het ook gesê: "Ecclesia reformata, semper reformanda": die kerk is gereformeer, maar moet altyd reformerend bly. Snyman het ook na 'n gebrek aan historiese konteks by die fundamentalis verwys.

Volgens Kerkspieël 2004 is NG predikante se oriëntasie ten opsigte van teologiese etikette (fundamentalisties/vernuwend) soos volg: 5,6% is beslis fundamentalisties, 28,1% in 'n mate, 66,5% glad nie, 60,6% is vernuwend, 36,8% in 'n mate vernuwend en 2,6% glad nie. Kerkspieël vertel ook dat 55,1% gemeentes oor 'n orkes of groep beskik wat die sang begelei, 17% die nagmaal

as 'n stil nagmaal vier, dat 31,7% Engelse liedere tydens eredienste gebruik, en in 22,3% gemeentes word liturgiese drag gedra.

Bogenoemde statistieke vertel van diversiteit in die kerk, want die NG Kerk is lankal nie meer monolities nie. Die gereformeerde gesprek behoort dus te gaan oor hoe om daardie diversiteit te akkommodeer eerder as om te stry en hare te kloof oor "reg" of "verkeerd".

Liturgiese vernuwings in enige tyd kan in ooreenstemming wees met die deurbraak van die Ryk van God in hierdie wêreld of dit kan die deelnemers aan die liturgie maar net help om 'n rukkie uit die wrede wêreld te ontvlug. Dan kom hulle nóg nader aan hulleself, maar laat ongelukkig die status quo in die alledaagse lewe aan sigself oor. Die liturgie kan mense help om in te sien en toe te laat dat God hulle in die hand neem en vernuwe óf dit kan mense daartoe lei om onbewustelik vir God in die hand te probeer neem en self die subjek te word van handelinge wat by God hoort.

Mag die liturgie die plek wees waar die kruis telkens in die wêreld neergesit word sodat almal kan hoor, sien en proe: God dra ons gebrokenheid in vrye liefde. So 'n liturgie dien die dialektiese beweging waar ons gebroke werklikheid stuk vir stuk in die lig van die komende heil geplaas word. Dan staan ons coram Deo.

# HOOFSTUK 2

# DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

## 2.1 Inleiding

Op watter wyse God teenwoordig is in die erediens, bly 'n aktuele onderwerp in die liturgie. Ons is goed bekend met die stryd tussen Rome en die Reformasie oor die aard van die praesentia realis van Christus in die nagmaal. Die liturgiese praktyk in die ou Griekse kerk van die Ooste maar hierdie vraagstuk selfs nog meer aktueel. Soveel so dat die moderne en postmoderne liturgiese beweging 'n sterk beroep op die Oosterse kerk maak wat grootliks as norm aanvaar word.

Wat hierdie vraag nog meer aktueel maak is die talle studies oor die historiese Jesus wat deur sommige Nuwe Testamentici onderneem is vanuit suiwer historiese ondersoeke en die radikale standpunt wat as resultaat hiervan ingeneem is, "naamlik dat Jesus as historiese figuur nie meer was as 'n gewone mens nie, en dan ook nog iemand uit die laagste stand, dit wil sê dat hy 'n "peasant" was, deur die groep van 74 "fellows" van die sogenaamde "Jesus Seminar" (vergelyk Funk, Hoover & The Jesus Seminar 1993)" (Vos & Pieterse 1997:91).

Alhoewel ons bely dat God alomteenwoordig is, is Sy teenwoordigheid nie iets wat as vanselfsprekend, soos suurstof in die lug, aanvaar kan word nie. God is immers nie oral en altyd op dieselfde wyse teenwoordig nie. Sy teenwoordigheid in die natuur is anders as Sy teenwoordigheid as in die erediens. God se teenwoordigheid in die erediens word gevind in die verskillende elemente (Woord, sakrament, skuldbelydenis, loflied, ens.) van die liturgie. Daarom is een van die elemente van die erediens die epiklese, die gebed om die koms van die Heilige Gees. Christus belowe uitdruklik dat waar twee of drie in sy Naam

vergader, Hy by hulle teenwoordig is. God is egter ook nie by almal in die erediens op dieselfde wyse teenwoordig is nie. God se teenwoordigheid in die erediens is eerder gedifferensieerd as wat dit massief is, en die rede hiervoor is omdat daar verskillende mense (introverte en ekstroverte, suigelinge en grysaards, geleerdes en ongeletterdes, diegene wat verheug is en ander wat bedroef is) in die erediens sit wat op verskillende maniere Sy teenwoordig beleef en ervaar.

Daar is egter nie net verskillende gestaltes van teenwoordigheid nie, maar ook verskillende grade van teenwoordigheid. So, byvoorbeeld, vind ons in Christus se Godverlatenheid 'n vorm van God se teenwoordigheid aan, en vanuit Christus se God-verlatenheid praat Hy egter nog met sy Vader. Wanneer twee persone, wat in dieselfde huis woon, hulle volledig van mekaar onttrek, neem hulle teenwoordigheid die vorm aan van afwesigheid. Só 'n teenwoordigheid word dan as hel ervaar in plaas van om dit as hemel te ervaar.

Netso, is God se teenwoordigheid in die Voleinding totaal anders as sy teenwoordigheid in die erediens. Dit is eers wanneer ons geloof oorgaan in aanskoue en God alles in almal is, dat ons ten volle sal ken, maar tot dan, soos Paulus sê: "... ken ons net gedeeltelik, ..." (1 Kor 13:12), óók in die erediens en in die liturgie. Ook in die erediens en in die liturgie is ons nog nie in die hemel nie, maar nog steeds wagtend op God.

Die erediens is ten diepste die hartklop van 'n gemeente wat soos "spinnerakdrade in 'n netwerk van verhoudinge verbind aan die sentrale punt - die erediens op Sondae" (Pieterse in Smuts, Vos en Nel 1990:31). In die erediens, net soos in die verbondsluiting, neem God sélf die inisiatief, en konstitueer hy as Liturg self die vergadering deur sy uitverkore gemeente saam te roep as volk (qahal Yahweh of ekklesia). "Daarom is Hy reeds voor almal by die erediens teenwoordig" en is die prediker (voorganger) in die erediens "slegs die mondstuk van die hemelse Liturg (Heb. 8:2) en geen seremoniemeester nie.

Dit blyk alreeds by die votum as openingspreuk by die erediens as verbondsgebeure" (Nel in Smuts, Vos en Nel 1990:15).

Die erediens is dus die plek waar God, in Christus en deur die kragvolle werking van die Heilige Gees, op 'n besondere manier teenwoordig is en "wat sy gemeente sprekend ontmoet. Die gemeente kan daarop antwoord – daar vind 'n gesprek plaas. In hierdie gesprek deel God drie-enig sy heil en seën uit aan die gemeente en kan die gemeente in haar aanbidding van die heil geniet, rus in die volbragte werk van Christus en speels soos blye kinders feesvier (vgl. Smuts, red.: 1989). Die gemeente lewe vanuit die erediens en na die erediens toe. Voortdurend is hierdie heen-en-weer-beweging aan die gang soos die bloed wat van en na die hart stroom" (Pieterse in Smuts, Vos en Nel 1990:31).

In die erediens sien ons dan ook die almag en vrymag van die Here. Hy kan Homself openbaar waar Hy wil, soos Hy wil. Hy kan tot genade en diens roep soos en wanneer Hy wil en sal. Hy is nie gebonde aan grense en tye en plekke nie. Hy roep in Sy teenwoordigheid en gee kennis soos Hy wil!

Wanneer 'n mens egter in die liturgiek nadink oor die teenwoordigheid van God in die gebeure van die erediens, dan bevind jy jouself midde-in 'n tradisie van bykans 2000 jaar. Dis dan dat jy weet dat die erediens "die gesig is van jou teologie, van jou kerklike tradisie se teologiese opvattinge" (Vos & Pieterse 1997:101).

## 2.2 God se teenwoordigheid in die erediens as belydenis

Die sentrale teologiese standpunte van die reformasie wat die praesentia Christi in die erediens konstitueer, is o.a. "die memoria Christi, die hoop op die beloftes van die Heer (herinnering en hoop), en die dinamiek van die Gees en die Woord" (Vos & Pieterse 1997:102).

### 2.2.1 Die memoria Christi

Die eerste vereiste vir die belewing van God se teenwoordigheid in die erediens is die lewende herinnering aan die heilsdade van God in Jesus as die opgestane Christus, soos verwoord in 1 Korintiërs 11:23-26 met betrekking tot die viering van die Nagmaal:

(a) Jesus neem die brood, breek dit en dank God daarvoor, toe sê Hy vir die dissipels: *"Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis."*

(b) En na die maaltyd neem Hy die beker en sê: *"Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis."*

(c) Daarna voeg Jesus by: *"Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom."*

Na aanleiding hiervan kan ons dus sê dat Christus Homself deur die Nagmaal teenwoordig maak in die erediens. Sodoende word die "herinnering aan die heilsdade van God en aan die beloftes van Christus" (Vos & Pieterse 1997:103) wat in die viering van die Nagmaal in die erediens plaasvind, 'n "lewende herinnering binne die kragveld van die Woord en die Gees" (Vos & Pieterse 1997:103). Overgesetsynde: "Die hede van die Gees omvat alle lye. Die verlede word in die hede teenwoordig gestel. Die herinnering stel die verlede in die hede van die geestelike lewe teenwoordig en laat die verlede skeppend in die hede funksioneer" (Vos & Pieterse 1997:103).

### 2.2.2 Herinnering en hoop

Saam met herinnering gaan hoop. Hoop wat gebaseer is op die beloftes van God se teenwoordigheid soos wat ons dit in die Woord van God vind. "In die gebeure in die erediens, deur die dialogiese handelinge, die taal van die simbole en die prediking word die beloftes van dit waarop die gemeente hoop, voortdurend voor oë gehou" (Vos & Pieterse 1997:103).

Dit is dus belangrik om mense voortdurend daaraan te herinner dat God lewend teenwoordigheid by elke mens op aarde. "Veral hier is die heenwysende en herinnerende aard van die bemiddelingsaktiwiteit uiters belangrik. Ons taak is om mense te herinner ... om mense se oë en harte te rig op 'n werklikheid wat 'n geloofsoog vra om raakgesien te word" Burger (1995:78). Só word die beloftes van hoop, deur die kragvolle werking van die Heilige Gees, 'n lewende werklikheid vir die mens in die erediens.

Hieroor skryf Vos & Pieterse (1997:104) soos volg: "Lewende herinnering en 'n lewende hoop loop soos 'n goue draad in die gebeure van die liturgie heen en word alles waaragtig in die teenwoordigheid van die Heer. Omgekeerd word die teenwoordigheid van die Heer ook gekonstitueer deur die vashou aan die belofte deur die gemeente: waar twee of drie in my Naam vergader, is Ek in hulle midde."

### 2.2.3 Die dinamiek van die Woord en Gees

Vir die Reformasie is die Woord, as instrument van die Heilige Gees, 'n heilsmiddel wanneer dit gepreek word. Só word "die Skrif vir die Reformasie die lewende Woord, die viva vox evangelii, waarin God self tot ons spreek wanneer dit gelees, verkondig en gehoor word" (Vos & Pieterse 1997:104).

Volgens Calvyn werk die Gees saam met die Woord, maar ook wyer as net die Woord alleen. Telkens wanneer die Woord gepreek word, word dit deur die Gees, wat dit geïnspireer het, vergesel om sodoende "die Verligter van ons harte" te wees (vergelyk Pieterse I979:88).

Hieruit kan ons dus met sekerheid aflei dat die teenwoordigheid van Christus in die erediens, én in Hom God Drie-enig, die werk van die Heilige Gees is. Met ander woord: deur die Gees en Woord is God teenwoordig in die liturgie, of soos

Jonker (1981:54-55) dit tereg stel: "Die geheim daarvan dat Woord en sakramente as heilsmiddels kan dien, is geleë in die Heilige Gees wat Hom daarvan bedien ... Die Gees word deur die Reformasie gesien ... as die lewende God self wat in vryheid Homself van hierdie middels (Woord en sakramente) bedien om met die mens 'n persoonlike verhouding te stig."

## 2.3 Die krag van god se teenwoordigheid in die erediens

God se teenwoordigheid in die erediens en die wyse hoe Hy in die erediens teenwoordigheid is, is van beslissende betekenis vir die liturgiese praktyk. Hy is nie slegs 'n "Deelnemer van die erediens nie, maar Hy is in die erediens teenwoordigheid" (Barnard:405). In die erediens staan en verkeer die gemeente voor die aangesig van God. Nie net moet hulle die teenwoordigheid van die heilige God besef nie, maar ook beleef en ervaar.

Om te verstaan waarom die teenwoordigheid van God in Christus in die erediens so belangrik is moet daar op die volgende aspekte gelet word:

### 2.3.1 Christus se teenwoordigheid

Daar moet eerstens onderskei word tussen God se alteenwoordigheid en Sy teenwoordigheid in die erediens, omdat God se teenwoordigheid in die erediens anders is. C. Mahrenholz, soos Barnard (1981:405) dit aanhaal, stel dit treffend: "God se alteenwoordigheid is 'n teenwoordigheid in die verborgenheid. Ons kan God in sy alteenwoordigheid slegs vermoed, maar nie vind nie. In die erediens egter is dit anders, daar tree God uit sy verborgenheid, daar word sy teenwoordigheid speurbaar en ervaarbaar in die Woord en werk van Jesus Christus, wat Hy vir ons in die wêreld bestuur het, vir ons laat kruisig bet, vir ons opgewek bet. Hierdie "vir ons" is die beslissende".

Alhoewel Christus sy teenwoordigheid te alle tye aan elke gelowige belowe (vgl. Matt 28:20), word Sy teenwoordigheid veral, op 'n besonderse wyse, aan die kerk belowe aangesien die teenwoordigheid nie "soseer aan enkelinge beloof nie, maar aan die gemeenskap van gelowiges" (Barnard:405) belowe word.

Dit is immers deur die kerk dat Christus aktief teenwoordigheid is in die wêreld en in die lewe van die mens. Dit is egter ook treffend dat met elke belofte van God se teenwoordigheid die meervoudsvorm gebuik word, en nie die enkelvoudsvorm nie, byvoorbeeld: "... Ek is by *julle* ..." (Matt 28:20). Christus leef immers in die kerk deur die Heilige Gees. Volgens R Paquier, soos aangehaal deur Barnard (1981:406), vertoon die kerk, as liggaam van Christus, "... *hic et nunc* the presence and action of its Lord ... The church is the consequence of the incarnation; it is the witness of it, the sign, the reflection". Só gesien, is die kerk die instrument wat God gebruik om Sy teenwoordigheid te openbaar, en dan veral in en deur die erediens.

### 2.3.2 Die erediens as instrument

Die erediens, as instrument, wat God gebruik om sy teenwoordigheid te openbaar, kan duidelik gesien word in die belofte dat Jesus Christus "Immanuel – God met ons is" (vgl. Jes 7:14 en Matt 1:23).

Ander voorbeelde van God se beloofde teenwoordigheid is onder andere:

i. "Waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hulle midde" (Matt. 18:20).
ii. Jesus se opdrag om die evangelie wêreldwyd te verkondig sluit hy af met die woord: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20).
iii. Voorbeelde van Jesus se teenwoordigheid by sy dissipels is volop in die Skrif – Jesus stuur sy dissipels uit en gee magte van genesing ,

duiweluitdrywing, ens. (Matt 10:1; Mark 3:15; e.a.) aan hulle; die geskiedenis van die Emmausgangers (Luk 24:13vv) waar Jesus saam met hulle loop en met hulle praat, by hulle oorbly en saam met hulle eet – én die Nagmaal aan hulle bedien; Sy verskyning aan die dissipels op die eerste aand na sy opstanding, en 'n week later (Jon 20:19vv).

iv. Ook belangrik is die feit en betekenis en werklikheid van Jesus se teenwoordigheid in die versamelde dissipelkring op die eerste aand van sy opstanding, en 'n week later (Joh. 20: 19vv.).

Alhoewel ons nêrens in die Skrif 'n uitgewerkte leerstelling van God se teenwoordigheid deur Christus in die erediens vind nie, kan met gerustheid aanvaar word dat dit immers die onderliggende gedagte is wat vanuit die Skrif afgelei kan word. Buitendien, Jesus lééf, Hy hét opgestaan, en juis daarom leef Hy in sy kerk ... Jesus het dit immers belowe! "In hulle byeenkomste het die gemeentes geleef van die werklikheid van sy teenwoordigheid. In die aanbidding en erkenning van Hom as die Kurios, in die vreugde van die samesyn met Hom, in die blye verwagting om ewiglik met Hom te wees - dit alles spreek van die sekerheid dat geglo is in en gereken is met die teenwoordigheid van Jesus Christus in die eredienste" (Barnard:407). Tereg sê W. F. Golterman in hierdie verband: "De praesentia realis is de grondslag waarop de kerk leeft en geactiveerd wordt" (Soos aangehaal deur Barnard:407).

"Dit is beslissend dat God in Christus self in die erediens na ons kom" (Barnard:407). Wanneer God deur sy Woord met sy kerk praat, kom Hy in die verkondiging van die evangelie deur Jesus Christus na ons. So skenk God homself, uit vrye genade, aan Sy kerk. Volgens W. Hahn is dit 'n vaste belofte en "there is nothing more certain than His promised presence" (soos aangehaal deur Barnard:407).

Wat die erediens nog meer indrukwekkend maak is dat die teenwoordigheid van God nie deur menslike sin en/of maatstawwe daargestel word nie, maar juis deur die onbegryplike misterieuse wonder van God se genade.

Alhoewel die erediens in die oë van die buitewêreld 'n klein, magtelose en betekenislose aangeleentheid is, is daar in die erediens geen atoomkragte te vinde nie. Netso vind daar ook nie in die erediens enige vorming van enige wêreld-geskiedenisse plaas nie. In die erediens vind ons dat die belofte van 'n verborge God wat Homself aan die mensdom bekendmaak deur sy Woord en sy Gees.

'n Mens is van begin tot einde bewus van God se teenwoordigheid in die erediens. “Die opgestane en teenwoordige Here wat in die sentrum van die Christelike erediens staan, is tegelyk die gekruisigde en opgestane historiese Christus, die verhoogde Here wat aan die regterhand van die Vader sit; maar ook die Here wat triomfantelik weer kom as die Wêreldregter” (Barnard:408).

Johannes skryf in sy evangelie dat dit Christus sélf is wat terselfdertyd as Gekruisigde en as Opgestane Here onder sy dissipels teenwoordig is (vgl. Joh 20:20). Netso is Hy ook in die erediens teenwoordigheid. “Hierdie gedagte dat Hyself teenwoordig is as die Opgestane met die hele vrug van sy versoeningswerk en dat dit 'n nuwe realiteit vir ons word, mag nooit vergeet word nie” (Barnard:408). So is die teenwoordigheid Christus die ganse Christus.

In wese is die erediens die sigbaarste vorm, asook die diepste geheim, van God se teenwoordigheid. “Die teenwoordigheid van Christus is van soveel beslissende en grondliggende betekenis, dat indien dit sou ontbreek, dan val die hele erediens daarmee plat en verloor dit sy sin en betekenis en legitimasie” (Barnard:409). So straal die erediens dan ook die werklikheid van die teenwoordige en werkende Christus uit deurdat alles na God wys én vanuit God

uitgaan. "Dit gaan in die erediens en daarmee vir die kerk om die vraag om te wees of nie te wees nie. Hiermee staan of val die erediens" (Barnard:409).

Ofskoon die teenwoordigheid van God 'n realiteit is, is dit nie iets wat as vanselfsprekend of outomaties gesien kan word nie. God se teenwoordigheid is enkel en alleen uit genade as 'n vrye geskenk aan die mens. Hiermee saam is dit ook nie 'n geskenk wat afdwingbaar is nie. Dit is immers nie in die mag van die mens nie. Geen mens kan God tog dwing om teenwoordig te wees nie. Hoeveel te meer 'n geskenk, wat uit vrye genade ontvang, dit kan nog minder afgedwing word. Netso het die kerk ook nie beskikking oor God se teenwoordigheid nie. Die teenwoordigheid word immers bewerk word deur dit wat Christus doen en ons verkry dit deur ons geloof in sy beloftes. Dit is dus belangrik om altyd in gedagte te hou dat dit die Here God is wat sy volk in die erediens ontmoet en teenwoordig is. Die openbaring van God se teenwoordigheid in Jesus Christus berus van die begin tot einde op die genade as 'n vrye geskenk wat Hy wil skenk en dat Hy teenwoordig wil wees.

Kenmerkend van die erediens as instrument van God se teenwoordigheid is dat dit 'n voortdurende gebeurtenis is. Dit is 'n gebeure wat telkens geskiet en sal voortduur totdat Christus weer kom (Matt 28:20). Hiermee saam gaan dan ook nie belofte van die Heilige Gees wat by ons sal bly "tot in ewigheid" (Joh 14: 16). Ook ten opsigte van die nagmaal is dit waar. Met die viering van die Nagmaal word Jesus sy lyding in herinnering geroep "totdat Hy weer kom" (vgl. Matt 26:29; Mark 14:25; Luk. 22: 16-19 en 1 Kor 11:24-26).

Die gedagte van die teenwoordigheid van God in die erediens het as gevolg van die Roomse sakramentsleer, en veral nadat die Roomse leer aangaande die transsubstansiasie in 1215 afgekondig is, sy fokuspunt in die erediens gekry in die nagmaal. Sodoende het die "praesentia realis" 'n besondere betekenis by die Roomse kerk gekry. Hulle siening en standpunt was dat Christus teenwoordig gestel word by die Nagmaal via die epiklese-gebed. Later word dit 'n offer wat

herhaal moet word waar die mens 'n offer aan God bied. 'n Offer wat Christus gebring het tot heil van die mens. So word Christus werklik teenwoordig gemaak in die brood en wyn wat na substansie verander sodat dit werklik sy liggaam en bloed word. Die hele wese van die teenwoordigheid van God in die erediens word hiermee deur Rome in die teenwoordigheid by die nagmaal opgeneem.

Barnard verduidelik dat dan ook soos volg: "Christus is vir die Roomse kerk werklik teenwoordig deur die bemiddeling van die kerk. Dit geskied in die mis. Deur die konsekrasie van die brood en wyn word die heil gerepresenteer. Die brood en wyn word substansieel die liggaam en bloed van Christus en in die kommunie waar die hostie (brood) geëet en soms wyn gedrink word, word Christus werklik geëet en gedrink. So kry die gelowiges deel aan die werklike Christus" (Barnard:411). Dit was dan ook juis as gevolg van hierdie misvattings ten opsigte van die teenwoordigheid van Christus by die nagmaal wat die protes van die reformatore na vore gebring, "maar ook 'n algemene gereserveerdheid om te praat van die teenwoordigheid van Christus in die erediens" (Barnard:411).

As deel van die Reformasie het Luther, Zwingli en Calvyn beswaar gemaak teen hierdie offergedagte van die mis, sowel as teen die stilmis en die transsubstansiasieleer. Terwyl Luther vasgehou het aan die werklike teenwoordigheid van Christus, het Zwingli die teenwoordigheid van Christus gesien as 'n blote herinneringsmaal van Christus. Tussen hierdie twee standpunte van Luther en Zwingli staan Calvyn met sy suiwer Bybelse siening van die teenwoordigheid.

Vir Luther het die elemente van brood en wyn nie verander nie en is Christus teenwoordig is op elke plek in, met en onder brood en wyn. Luther is van mening dat "Jesus se menslike natuur het na sy opstanding deel gekry aan sy goddelike natuur se eienskappe en hierdie eienskappe sluit ook die alomteenwoordigheid in .... Tweedens, bring hierdie siening van die teenwoordigheid van Christus mee dat die groot klem wat hy ook gelê het op die geloof hier op die agtergrond kom.

Volgens Luther ontvang ook die ongelowige die ware, werklike liggaam en bloed van Christus" (Barnard:412).

Hierteenoor is Zwingli weer van mening dat die Nagmaal slegs 'n teken van Christus se teenwoordigheid is. Zwingli baseer sy siening op Johannes 6 se "dit is my liggaam" ("hoc est corpus meum") en vertaal dit met "dit beteken my liggaam" (in plaas "est" lees hy "significat"). Die probleem met hierdie siening van Zwingli is dat hy hierdie teken slegs sien as 'n herinnering en dat dit nie verbind word met die geloof nie.

In reaksie hierop beklemtoon Calvyn egter dat Christus inderdaad teenwoordig is by die nagmaal, maar dit geskied deur die Heilige Gees.

> "Hy laat nie die elemente verander nie of gee nie aan die Jesus voor sy hemelvaart alomteenwoordige eienskappe nie, maar handhaaf ten volle die heilshistoriese betekenis van die hemelvaart en die verheerliking van Christus in sy mag aan die regterhand van die Vader: Hy verstaan dit egter uit die Skrif dat Christus deur die uitstoring van die Heilige Gees alomteenwoordig is. Hy is dus by die nagmaal teenwoordig deur Sy Gees. Hy is egter nie slegs by die nagmaal teenwoordig nie, maar in die hele erediens .... Verder het Calvyn klem gelê daarop dat dit in die geloof ervaar word. Hy aanvaar ook dat die nagmaal 'n teken is, maar dan nie in die sin van Zwingli slegs as herinneringsteken nie, maar 'n teken van die geloof dat Christus inderdaad deur sy Gees teenwoordig is. Christus is by Calvyn werklik teenwoordig, dit is nie slegs 'n herinnering nie, maar hierdie teenwoordigheid is God se werk, is die werk van die Heilige Gees en dit geskied in en deur die geloof. Die ongelowige kan dit wel eet, maar hy ontvang nie soos by Luther die werklike Christus nie, maar eet en drink 'n oordeel oor homself. Christus is in die hele erediens teenwoordig, soos wat Hy immers oral teenwoordig is deur sy Gees" (Barnard:412).

### 2.3.2 Die Woord as instrument

God se teenwoordigheid in die erediens is egter nie net beperk tot die Nagmaal nie, maar kom veral na vore by die lees en verkondiging van die Woord van God. Waar God se Woord verkondig word, dáár is God teenwoordig. En in die erediens kom die Here in duie gestalte van sy Woord na die mens. Deur die verkondiging van die Woord ontmoet Christus sy gemeente in die erediens. Die teenwoordigheid van God by die Nagmaal is dieselfde as by die verkondiging as die Woord, maar net in 'n ander gestalte. Dit bly egter steeds die Heilige Gees deur Wie Hy teenwoordig is en dit moet deur geloof aanvaar word. "Daar mag egter nie 'n teenstelling gemaak word tussen die teenwoordigheid van Christus deur die Woord en deur die Nagmaal nie. Die Nagmaal is juis om die Woord te versterk" (Barnard:413).

Hiermee saam gaan dan ook die feit dat Christus se teenwoordigheid tot heil en behoud van die mens is. "Hy is teenwoordig vir ons, met ons en wil hierdie teenwoordigheid tot 'n seënryke gebeure maak" (Barnard:414). Die feit dat God se teenwoordigheid tot die mens se heil is weereens enkel en alleen uit genade. J.J. Von Allmen stel dit mooi: "A grace, because the presence of Christ is the presence of salvation. He gives Himself to us . . . and He draws us and binds us to Himself by arousing and strengthening our faith" (Soos aangehaal deur Barnard: 414).

### 2.3.4 Die aard van Christus se teenwoordigheid

Oor die aard van Christus se teenwoordigheid in die erediens skryf Barnard soos volg: "Christus is werklik in die erediens teenwoordig, maar dit is in hierdie bedeling nog op twee maniere beperk. "On the one hand it is an invisible presence, and on the other it is an incomplete presence, which will not be complete until the Parousia" (W. Hahn), ja, "this presence is imperfect, that it

awaits its completion and fruition with the advent of the parousia ... His presence in Christian worship is, as it were, partial and broken" (J. J. von Allmen)" (Barnard: 415).

## 2.4 Die aanvaarding van God se teenwoordigheid in die erediens

Ofskoon die teenwoordigheid van God in die erediens is 'n werklikheid is, is dit eweneens so dat dit nie vir almal merkbaar en/of ervaarbaar nie. Alhoewel daar seker baie verskillende redes hiervoor is, is, myns insiens, seker die hoofrede omdat mense waarskynlik nie kan aanvaar dat God wel in die erediens teenwoordig is nie. Tog kan 'n mens dit aanvaar:

i. ***Geloof***. God se teenwoordigheid leer ons om te aanvaar deur ons geloof in God Drie-enig. "No more than one could without faith recognize in Jesus of Nazareth the Christ, the Son of the living God, can one, in Christian worship, be assured of His presence and behold His living reality" (J. J. von Allmen soos aangehaal deur Barnard:414). Soos reeds gesê, word God se teenwoordigheid nie deur menslike handelinge bewerkstellig nie, maar word jy daarvan bewus deur jou geloof in God. "God skenk die geloof waardeur ons sy teenwoordigheid bemerk, en deur die geloof word ons geroep om dit te bemerk en vas te hou" (Barnard:414).

ii. ***Heilige Gees.*** Een van die Heilige Gees se take is om Jesus te verheerlik. Die Heilige Gees doen dit dan ook inderdaad. Die Heilige Gees laat die beeld van Jesus Christus na vore tree vanuit die ganse liturgie – deur die liedere, gebede, Skriflesing, Nagmaal, en ander element van die erediens. Daarom kan ons met R. Paquier saamstem, soos aangehaal deur Barnard (1981:415), as hy sê: "... the presence of the Lord is given to the church by the Holy Spirit. Indeed it is only when the risen Lord breathes upon the

assembled believers and says "Receive the Holy Spirit" .... that he is recognized as being present and the worship dialogue becomes a real encounter. It is only then that the assembly makes itself known as the body of Christ, through which the Holy Spirit imparts the presence of the Lord with reality and persuasiveness ..."

iii. ***Gehoorsaamheid.*** Netsoos by geloof en die Heilige Gees is die eis vir volkome gehoorsaamheid aan God belangrik vir die bemerking en ervaring van Sy teenwoordigheid. Soos wat God in die Ou Testament onder sy volk gewoon het en hulle Hom gehoorsaam het, so is Hy steeds teenwoordig by Sy kerk en in die erediens. Daar waar sy dienare en gemeente Hom gehoorsaam, daar openbaar Hy Homself duidelik aan hulle. Overgesetsynde: "In the case of disobedience and violation of the covenant, the divine presence does not become absence, but judgment (cf. Lev. 26: 14v.). The favourable presence of God among his people is related always therefore with the faithfulness of this people to their vocation" (R. Paquier, soos aangehaal deur Barnard: 415).

## 2.5 Die krag van God se teenwoordigheid in die erediens

Of daar werklik genoeg met die teenwoordigheid van God in die erediens gereken word, is onseker. Al word daar voortdurend gepraat van (en ook bely) die teenwoordigheid van Christus ("praesentia Christi") in die erediens, wonder 'n mens of daar oor die hele liturgiese gang van die erediens – ook van die gemoed van lidmate – eerder gepraat moet word van die afwesigheid van Christus ("absentia Christi") nie. Dis asof lidmate nie die besondere betekenis van die teenwoordigheid van God in die erediens besef nie.

Om te sê ons glo in God, is om te sê ons vertou op Sy beloftes. Die implikasie hiervan is immers dat iets van God se teenwoordigheid in die erediens in hierdie

geloofsverklaring bemerk sal word. Daarom is dit vir "die kerk van lewensbelang om te besef dat hy in die erediens te make het met die teenwoordigheid van die lewende Christus" (Barnard:416).

Die groot aantrekkingskrag van die erediens is en bly God se teenwoordigheid in die erediens. Teenoor al die bekoring van die wêreld staan Jesus Christus as Middelaar en Verlosser; die groot Bevryder wat die bande en boeie van mense losmaak; die enigste Naam onder die hemel en op die aarde wat aan ons gegee is en waardeur ons kan glo (vgl. Hand 4:12). Dit is juis hierdie uniekheid van God wat aan Hom die aantrekkingskrag gee om mense na Hom toe te trek in die erediens. Tereg sê M. Perry "When worship has become the response to the experienced reality of God ... then the call to worship has that inner driving force which cannot be denied".

Hieruit is dit duidelik dat dit nie nodig om met allerlei foefies in die erediens na vore te kom in 'n poging om vervreemde mense, en veral die jeug, aan te trek na die erediens nie. Christus se teenwoordigheid is die aantrekkingskrag. Daar is en kan geen ander "plaasvervangende aantrekkingskrag" wees nie. "Die nuwe lewe en krag van die erediens is geleë in die leweskenkende teenwoordigheid van Christus. Hierdie dinamiek moet deur die hele erediens pols en uitkring in die hele lewe waarin die erediens plaasvind" (Barnard:416).

## 2.6 God se teenwoordigheid in die wêreld

Nog 'n uitstaande kenmerke van God is dat Hy óók die lewende teenwoordige God in die wêreld en in die lewe van die mens is. In die Ou Testament lees ons meer kere dat God Homself "laat sien" het. Een van die opvallendste kere, was by die berg Sinai (Eks 24). Wanneer die Here sy verbond op 'n plegtige manier met sy volk kom bevestig, sien Moses, Aäron, Nadab en Abihu en sewentig van die ouderlinge van Israel "het die God van Israel gesien" (Eks 24:10-11).

God se teenwoordigheid is dan ook sigbaar in die skepping – Hy is die Skepper van hemel en aarde (Gen 1), asook van die mens (Gen 2); in Sy omgee – Hy soek (Gen 3:8); roep (Gen 3:9); gaan saam (Deut 33:14); maak Homself bekend (Amos 4:13); sorg (Luk 13:24); opbou (2 Kor 2:17 en 12:19); ens. Hy woon ook in die mens se wêreld en lewe (vgl. Eks 29:46; Deut 12:11; 14:23; 16:2,6,11; 26:2; 1 Kon 8:27; 1 Kron 23:25; 2 Kron 6:18; Esra 6:12; Ps 68:16; Ps 113:5; Hand 17:2; Rom 8:9; 1 Kor 3:16; 2 Kor 6:16; Op 21:3). God is egter ook teenwoordig in simbole – 'n wolk (Eks 16:10; e.a.), vuur (Eks 3:1-4; Deut 4:24; Heb 12:29, e.a.), wind (Ps 104:3-4) en ander weerverskynsels, fluistering in die windstilte (1 Kon 19:12), klip (Gen 28:18; 35:14; Jos 24:27, e.a.), die ark (Eks 20:6), die tempel en vele ander. En in die latere kerk het daar meer kontemporêre simbole van die teenwoordigheid van God na vore getree, bv. 'n kerkgebou, die sakramente, die Bybel, die kruis, 'n trouring, ens. Hierteenoor is God natuurlik ook deur Christus – Immanuel: Jesus wat mens geword het (Matt 1:23) in die lewe en wêreld van die mens teenwoordig, sowel as deur die Heilige Gees (Joh 14:26; 20:22).

Hiermee het dit vir die mens moontlik geword om ontslae te raak van al die vrae wat onsekerhede oor God se teenwoordigheid na vore gebring het. Dit is nou vir die mens moontlik om sonder twyfel te weet dat God altyd teenwoordigheid is (Matt 28:20) en om vreugde te vind in die teenwoordigheid van die Here (Hand 2:28). Daarom kan onomwonde die stelling gemaak word dat, ofskoon daar oor die jare heen al baie geskryf, gedebatteer en bespiegel is oor God se teenwoordigheid in die wêreld en die lewe van die mens, niemand dit kan bevraagteken nie en dat dit 'n onbetwyfelbare feit is.

## 2.7 God se teenwoordigheid in die tyd

Volgens Van der Merwe (1999:175) is God teenwoordig in die tyd. Hy verwys na Van der Leeuw wat sê dat God "in die sacrum van die liturgie" teenwoordig is, terwyl Noordmans en Jüngel beweer dat God "in die aansprekende Woord"

teenwoordig is en vir Moltmann is God "in die toekoms" teenwoordig. "Ons sal goed doen deur God se teenwoordigheid nie ruimtelik te lokaliseer nie, maar temporeel: God is teenwoordig in die tyd en om dit te besef, is dit noodsaaklik dat die tyd van tyd tot tyd anders sal wees (Jüngel) ten einde oor die voleinding te droom" (Van der Merwe 1999:175).

Die erediens kan nooit gesien word as iets wat geen doel hoef te dien nie. Nee, die erediens is 'n eskatologiese kunsvorm wat voortdurend God se toekoms vir die wêreld in ontvang neem. So bly die erediens (en die liturgie) immers gereformeerd. As ontvanger van God se toekoms, bly die erediens dan ook kreatief, omdat dit droom oor die toekoms. "Die lex orandi gaan so nie net oor in die lex credendi nie, maar word ook 'n lex agendi waarmee in die alledaagse lewe geleef kan word" (Van der Merwe 1999:175).

Vergelyk ook Durand se aanhaling uit Augustinus se belydenisse (XI, 16), waarin hy God se verhouding tot tyd beskryf te wete, "Maar U gaan deur die verhewenheid van die altyd-teenwoordige ewigheid aan al wat verlede is vooraf, en U is verhewe bo al die toekomstige, want dit is toekomstig en as dit kom, sal dit verlede word, maar U bly dieselfde..." (Durand 1982:58).

## 2.8 Die belewing van God se teenwoordigheid

Dit is egter ook waar dat geen twee mense eenders dink én redeneer oor die teenwoordigheid van God nie. Daarom sal hulle ook nie God se teenwoordigheid op presies dieselfde wyse ervaar nie. Die belewing van God se teenwoordigheid is immers 'n baie persoonlik saak. Daarom sal mense verskillende sienings, belewings en simbool hê wat hulle Sy teenwoordigheid herinner óf selfs bewys dat Hy wel in hul lewe en wêreld teenwoordigheid is. Dat God se teenwoordigheid dus 'n groot invloed uitoefen op die mens en sy wêreld, is onbetwisbaar.

Ten spyte daarvan dat God ongetwyfeld wel teenwoordigheid is die lewe en wêreld van die mense, is daar nogtans mense wat onseker is oor God se teenwoordigheid in hul eie lewe en wêreld. Heelwat redes hiervoor kan seker aangevoer word, maar kan hoofsaaklik toegeskryf word aan:

(a) hoe God teenwoordigheid is in die lewe en wêreld van die mens;
(b) wat God se teenwoordigheid vir die mens in sy lewe en wêreld beteken;
(c) watter implikasies God teenwoordigheid in die lewe en wêreld van die mens vir hom of haar inhou.
(d) onsekerhede as gevolg van omstrede teologiese uitsprake, soos byvoorbeeld die hele kwessie oor die historiese Jesus.

Dit is dus te verstaande waarom die vraag na die teenwoordigheid van God in die lewe en wêreld van die mens oor die jare heen so aktueel is was en dan ook weer, veral wat betref die teenwoordigheid van God in die erediens, so opnuut aktueel geword het. Die rede: "omdat daar tans op twee kontekstuele vlakke ernstige skuiwe plaasvind" (Van der Merwe 2002:1)

Die eerste skuif is dié van modernisme na postmodernisme (daar moet gekwalifiseer word wat bedoel word met die stelling: "God is teenwoordigheid"). Die tweede skuif is dié 'n nuwe wyse van kommunikasie (die sintuiglike "sien" is besig om die sintuiglike "hoor" te verdring). Alhoewel die postmoderne konteks ons nie juis toelaat om God se teenwoordigheid té reëel-aanskoulik te maak nie, vra die nuwe kommunikasie daarna dat God se teenwoordigheid beeldend-aanskoulik gekommunikeer moet word.

### 2.8.1 Die postmodernisme

Waar die modernisme afskeid geneem van die kousale Godsidee dat God die Absolute van die skepping is, het die postmodernistiese lewensbeskouing tog nuwe ruimte vir 'n godsbesef geskep.

"Waar die instrumentele rede van die modernisme toenemend faal, is daar nuwe waardering vir die narratiewe karakter van die Joodse tradisie waarin die Christelike geloof sy wortels vind .... Die vraag "waar is God?" kan nou vanuit die "handelinge van God", die "geskiedenis", die "spore van God" in die werklikheid, die oop eindes van die "toevallige" en die narratief benader word" .... Die gevolg van die postmodernistiese denkklimaat is dus dat die begrip "God" tóg weer in spel gebring word" (Van der Merwe, NGTT 43(1-2),2 en 3).

Van der Merwe is van mening dat, aangesien hierdie "Godsbegrippe" so 'n oop, eskatologiese siening verteenwoordig, dit in die liturgiese konteks en vir die vraag na die teenwoordigheid van God in die erediens baie nuttig kan wees. Volgens hom kan "God as die "Komende" of die "Ons Toekomende" beskryf word. God as "Komende" druk iets uit van die gelyktydige aanwesigheid én afwesigheid van God. God is ons altyd vooruit, maar metafore is die tekens wat ons in die rigting van God en van nuwe lewensbetekenis wys. Só het Abraham God gevolg, só het Moses en die volk Israel God in wolk- en vuurkolom vooruit sien gaan. Só volg Jesus die roepende stem van sy Vader en gaan Hy ons selfs in die dood en opstanding vooruit. So kom Hy ons ook "op die wolke" tegemoet. Só kan God as die "Ons Toekomende" tegelyk aanwesig én afwesig wees en word God nêrens 'n objek onder objekte nie. Dinge kan ook bly wat hulle is, sonder om deur hulle materiële aard beperk te word, maar met eskatologiese betekenis gevul wees. Doopwater bly $H_2O$ maar kan ook die innerlike mens tot lewe reinig. Brood en wyn verhoog ook nie net die kalorie-inname nie, maar verbind ons met die opgestane Christus sodat ons eintlik 'n pharmakon athanasias (medisyne van die Ewige Lewe of die onsterflikheid) eet en drink.

Die liturgie is die gebeure waarmee ons ingetrek word in hierdie beweging na God toe, waarin Hy ons altyd vooruit is .... Al ons godsbegrippe is dus "soekontwerpe" waarmee ons telkens stuit voor die ervaring dat ek myself as "aangesprokene" ontdek. Die ervaring van "aangesproke-wees", is die ervaring dat "God" my tegemoet tree en nooi op 'n weg waar Hy op sodanige wyse gevolg

word dat ek van myself bevry word en my in die nood van ander stort. As ons denke oor die teenwoordigheid van God in die erediens hiermee sou rym, is dit nie uit pas met die postmoderne konteks waarin ons toenemend lewe nie" (Van der Merwe: NGTT 43).

### 2.8.2 Die beeldkultuur

Met die koms van die oudiovisuele kultuur op 28 Desember 1895 het 'n geweldige groot kulturele grondverskuiwing plaasgevind. Die impak hiervan was so geweldig dat 'n mens vandag jou beswaarklik kan indink 'n lewe sonder die visuele hulpmiddels soos film, televisie, video, rekenaars en DVD. Die denkende mens het letterlik "oornag" 'n kykende mens geword.

In ons daaglikse lewens word ons deurentyd gebombardeer deur beelde. Deur middel van die televisie, internet, films, advertensieborde, pamflette en tydskrifte word inligting gedurig op 'n visuele wyse aan ons gekommunikeer. Verskeie wetenskaplikes praat tereg van 'n beeldekultuur of era van visuele kommunikasie (die sogenaamde "Era of the Image"). En almal wat iets in hierdie wêreld wil kommunikeer, dra kennis van hierdie ontwikkeling en gebruik dit om hul boodskap oor te bring. Dit wil egter soms voorkom asof die kerk agtergebly het in hierdie ontwikkeling, alhoewel sekere kerke en gemeentes met groot vrug van visuele kommunikasiemiddele gebruik maak.

Dat hierdie oudiovisuele kultuur sy stempel op die erediens sou afdruk is te verstaande. Immers, "die oor wat hoor, die oog wat sien – die Here het altwee gemaak" (Spr 20:12). Die "nuwe" kykende mens omhels die religieuse moontlikhede van die beeldkultuur en wil as beeldminnaars gereformeerd bly. Tereg vra Van der Merwe: "Wat is dan die verhouding tussen woord en beeld, hoor en sien? Word net 'n "gerug" van die teenwoordigheid van God in die erediens "gehoor" of is 'n teofanie op die een of ander wyse steeds moontlik

waar God met meer sintuie as net die oor en meer onmiddellik ervaar kan word?" (Van der Merwe: NGTT p4).

Volgens Peterson (1987:88) is daar 'n wesenlike verskil tussen "hoor / luister" en "sien / lees" is. Vir hom lê die verskil tussen die sintuie wat gebruik word – met "hoor / luister" gebruik die mens sy "ore" én met "sien / lees" gebruik die mens sy "oë." Verder sê hy dat ons na klanke luister, maar slegs merkies op papier lees. Vir hom is luister 'n interpersoonlike daad is waar twee of meer persone betrek word. Lees, daarteenoor is egter 'n daad waarby iemand in absentia betrek word. Volgens Peterson verkies baie mense lees bo luister, dood eenvoudig omdat die leser in beheer is en dit emosioneel minder van die leser vra as in die geval van die hoorder. Boonop kan die leser dit manipuleer na gelang van sy behoeftes. Die vraag is dus nie of daar ruimte vir woord én beeld in die erediens is nie, maar eerder of dit wat gelees of uitgebeeld word, wel gebruik word as 'n metode om beter te luister.

Hierteenoor is daar ook die stemme wat opgaan om weg te doen met al hierdie aanskoulike, liturgiese drama, simbole en rituele en terug te keer na die primaat van die prediking. Die geloof kom deur die prediking wat ons hoor, sê Paulus immers in Rom 10:17.

Besware en argumente teen die gebruik van visuele media in die liturgie is dat net 'n wyse is waarop gekonformeer word aan die kultuur van ons dag en dus niks anders as "consumerism" en behoeftebevrediging is nie – dat daar net voorsien word aan menslike behoeftes en dat die erediens uiteindelik net nog 'n "show" word. Dat die erediens 'n vertoning word wat al as 'liturgiese kitsch' beskryf is. Dit is 'n legitieme vrees, want die ondeurdagte gebruik van sommer enige visuele middele in die liturgie kan meer kwaad as goed doen. Daar is beter en slegter wyses waarop gebruik gemaak kan word van die visuele in die liturgie, wat van verskeie faktore afhang. Ons sou soortgelyke vrae/besware aan ons huidige oorwegend ouditiewe liturgieë kon stel en antwoorde by hulle oorsprong

gaan soek. So sou 'n mens tereg kon vra of die liturgie wat ná die Reformasie ontstaan het in Protestantse kerke nie maar grootliks te wyte was aan die boek/lees-kultuur wat ontstaan het na die ontdekking van die drukpers nie. En is die (W)woord-gesentreerde liturgie wat tydens die Reformasie ontstaan het nie 'n uitstekende voorbeeld van grondige enkulturasie van die liturgie in 'n woord-kultuur ten einde die ontmoeting van God en mens in die erediens in 'n bepaalde kultuur te bevorder nie? Nog ander mense (alhoewel in die minderheid) is weer van oortuiging dat beelde, of visuele voorstellings van transendente waarhede, in die kerk in stryd is met die Bybel.

Teenoor die heel ywerige eksponente van die siening dat beelde in die kerk in stryd met die Skrif is en gevolglik tydens die Reformasie alle kerklike kuns verwoes het (ikonoklaste), het Martin Luther opgemerk dat dit ook nou nie nodig is om die Heilige Gees vere en al in te sluk nie! Maar het die ikonoklaste nie maar net die Bybelse voorskrif ten opsigte van beelde gedien nie? In Eksodus 20:4 staan tog geskrywe dat geen afbeeldings gemaak en vereer mag word nie. Sou hierdie bekende gebod in die tien gebooie beteken dat die visuele tydens die aanbidding van die Christelike God taboe is, en dat die ikonoklaste dus prysenswaardige werk verrig het?

Die antwoord hierop, dink ek, is geleë in die wyse waarop visuele artefakte binne die liturgie gebruik word. Word die voorwerpe sélf aanbid (soos wat soms tydens die Middeleeue wel gebeur het), of staan die visuele voorwerp in diens van die verkondiging? Is hulle met ander woorde daar om die wederkerige kommunikasie of dialoog wat daar tussen God en die mens in die erediens voorkom, te dien? Om die groot misterie wat ons God noem ook op só 'n wyse meer toeganklik te maak? God het Homself tog ook op 'n visuele wyse vir ons toeganklik gemaak in Christus Jesus. Jesus, die beeld (eikoon in Grieks) van God wat self nie gesien kan word nie (vgl. Kol 1:15). Verder is die elemente in die sakramente, soos brood, wyn en water, ook visuele media wat God aan sy kerk gegee het om Hom te leer ken en deel te hê aan Hom. Beelde – die visuele – is dus ook by uitstek 'n

goeie wyse waardeur ons gewys word na 'n ander en groter werklikheid, na die Transendente. Die visuele middele is nie die doel op sigself nie, maar wys deur na iets anders, iets groter – en in die geval van simbole bring dit ons werklikheid en God se werklikheid saam. So funksioneer ikone byvoorbeeld in die Oosterse kerke as vensters op God en is die doelbewuste stilering van ikone (soos te lang ledemate en tweedimensionaliteit) 'n tegniek om die aandag van die kyker verby die kunswerk self te neem na dít wat daaragter lê: 'n voorsorgmaatreël teen die verering van die ikoon self. Op 'n soortgelyke, alhoewel meer didaktiese wyse het die loodglasvensters van die Middeleeuse katedrale as die sogenaamde "Bybel van die armes" (Biblia Pauperum) gedien, wat bykans almal ongeletterd was en aan wie die Bybelse verhale en waarhede dus só op 'n visuele wyse gekommunikeer is. En alles in ag genome kan ons tereg vra of ons die Reformatoriese spreuk rakende die prediking, naamlik dat die prediking van die Woord van God die Woord van God self is, nie ook geld ten opsigte van die sien van die Woord van God nie? En gevolglik ook die ruik en die proe en die voel van die Woord van God? Ja, in die liturgie is daar nie alleen sprake van 'n diskursiewe logika wat bestaan uit logiese verbale argumente nie (nie dat taal nié kan verbeeld nie), maar van 'n hele sogenaamde olfaktoriese logika.

So gesien is daar beslis ruimte vir woord én beeld in die erediens, mits dit nie 'n fiksering is van dit wat aangebied word nie, maar dit eer. Woorde en idees kan ook fikseer, beelde kan ook "spreek." Dit is die afgeslote gestaltegewing aan God in woord óf beeld wat ons moet vrees. Daarteen waarsku C.S. Lewis as hy skryf: "Images of the Holy easily become holy images – sacrosanct. My idea of God is not a divine idea. It has to be shattered time after time. He shatters it Himself. He is the great iconoclast. Could we not almost say that this shattering is one of the marks of His presence? The Incarnation is the supreme example; it leaves all previous ideas of the Messiah in ruins. And most are 'offended' by the iconoclasm; and blessed are those who are not. But the same thing happens in our private prayers." (Soos aangehaal deur Van der Merwe:NGTT –p7).

### 2.8.3 Belangrike onderskeiding

Ofskoon God op 'n baie besonderse wyse teenwoordig is in die erediens is dit belangrik dat ons nie die teenwoordigheid van God in die erediens verwar met die ervaring van God in die erediens nie. Ons word in die eerste plek geroep tot 'n nuwe lewenstyl én nie tot ervarings nie. Daarmee saam moet ons ook onthou dat die teenwoordigheid van God in die erediens iets anders is as die alomteenwoordigheid van God nie. Die alomteenwoordigheid van God "help ons egter nie om te beskryf hoedanig God en sy "Heilige Gees" in die erediens teenwoordig is nie" (Van der Merwe, NGTT 43(1-2), 7).

In sy artikel in NGTT 43(1-2) oor die teenwoordigheid van God in die erediens besbreek Van der Merwe die hele debat wat in die Nederlandse Hervormde Kerk tussen Noordmans en Van der Leeuw gevoer is. Dit kan kortliks as volg weergegee word:

**Van der Leeuw** is van mening dat die enger liturgiese samekoms die plek is waar die hemelse liturgie weerspieël word. Gelowiges word eksistensieel getransformeer deur daar deel te neem aan die nuwe skepping in Christus. Die deelname aan die liturgiese drama is deelname aan die inkarnasie as die mees gekonsentreerde bron-ervaring van God se teenwoordigheid in hierdie wêreld en in ons hede. Hoewel die beslissings oor ons heil in die verlede geval het in die Christus-gebeure, kry dit in die liturgie steeds "hier en nou" nuwe gestalte. Dit is moontlik op grond van die inkarnasie wat volgens hom die goddelike herbevestiging van die skepping is. Alle elemente van die skepping het daarom die vermoë om draers van die heil te wees. Die liturgie het dus 'n kragtige effek: dit bewerk eksistensiële verandering in die innerlike sfeer van die mens deur sy geloof te betrek op die nuwe werklikheid in Christus.

**Noordmans** bevraagteken Van der Leeuw se "inkarnasionalisme". Die inkarnasie is nie 'n positiewe herbevestiging van die skepping wat voortgaan in

elke erediens nie, maar 'n kritiese oordeel oor die skepping. Ook die toedeling van Christus se werk is nie positiewe partisipasie daaraan nie, maar 'n afbreekproses waarin die Gees kritiseer wat nie met Christus te rym is nie. In die kerk hoor ons hierdie oordele deur die verkondiging van die Woord en nie deur die aanskoue van 'n liturgiese drama nie. Die menslike offer word nie in die erediens nie, maar in die lewe gebring. Die enger liturgie moet daarom oopstaan na die lewe toe. Die teenwoordigheid van God in die erediens lê vir Noordmans in die besondere genade van God, waarin daar graderings is. Dié grade in die teenwoordigheid van God impliseer dat dit anders is in die Woord en weer anders in die sakrament, verskillend op Kersfees, Pase en Pinkster.

"As die besondere teenwoordigheid van God in die erediens binne die spanning van sonde en genade funksioneer, is dit nie waarneembaar in 'n saaklike, syns-analogiese sin nie, maar word Sy teenwoordigheid in die geloof waargeneem" (Van der Merwe, NGTT – 9).

### 2.8.4 Die gelowige as aangesprokene

Die gelowige se belewing van God se teenwoordigheid hou verband met die omstandighede waaronder hy deur die God aangesproke voel. Baie van hierdie ervarings vloei egter voort uit die alomteenwoordigheid van God. Die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens is egter 'n ander vorm van aangesproke ervaring wat die mens bewus maak van die besondere teenwoordigheid van God. In die erediens word die mens deur Christus aangespreek met betrekking tot die sonde en die vryspraak van Christus.

Die aangesproke gelowige se daaglikse lewe word sodoende onderbreek sodat ons gewone lewensloop nie in 'n eindelose herhalende status quo verval nie. En dit is wat die erediens in wese is, naamlik die feestelike onderbreking van die alledaagse lewe. Nie 'n "fees" in die sin van uitspattige vrolikheid nie, maar 'n

"fees" sonder doel en wat nie gerig is op die nut of uitkoms van die gebeurtenis nie. Die wyse waarop God ons vaste lewe onderbreek, is deur ons aan te spreek in en deur die erediens. Die doel van hierdie onderbreking is om naby aan ons te kom - só naby dat die Immanuel (God-met-ons) in ons lewe word. In hierdie onderbreking kom God nader aan jou as wat jy aan jouself is en word jy van selfsug bevry tot dade van liefde in die alledaagse lewe waar die liturgie jou kom onderbreek het.

"Die erediens is daardie instelling wat ons daaglikse bearbeiding van die wêreld fundamenteel onderbreek en ons daartoe bring om ons te verwonder oor ons nuwe syn in Christus. Die dag van die Here en die erediens is hierdie instelling waarin ons onsself as ontvangers en God as die Gewer ontdek. In die erediens word ons oor onsself as persone aangespreek - persone wat meer is as die som van ons dade. Ons ontdek onsself as 'n gemeenskap van geregverdigde sondaars, wie se eerste handeling juis geen prestasie is nie, maar lof en dank. Ons ontdek ook vryheid van ons verlede en verbly ons oor ons Bevryder en ons vryheid. So word ons in die liturgie aangespreek oor die nuwe moontlikhede wat in Christus oopgebreek word – die moontlikhede van nuwe verhoudings en die realisering van die Koninkryk van God" (Van der Merwe, NGTT 11).

### 2.8.5 Die erediens van die lewe

Binne die Christelike konteks het "liturgie" twee pole. "Benewens die enger samekoms van die gelowiges is daar die ruimer betekenis van die gelowige se offervaardige diens in die alledaagse lewe. Wanneer die Nuwe Testament oor die lewe praat, word dikwels kultiese terme daarvoor gebruik" (Van der Merwe NGTT43 – p 12). Volgens Paulus is die gemeente die liggaam van Christus en die liggaam van elke gelowige is dus 'n tempel (1 Kor 3:16 en 2 Kor 6:16), en volgens Petrus is alle gelowiges priester (1 Pet 2:9), wat impliseer dat die geloof en lewe van die gelowige mens dan die offer is wat hy/sy aan God bring (vgl.

Rom 12:1; Fil 2:17, 1 Pet 2:5 en Heb 13:15). Die priesterlike taak is dus nie meer soseer die instandhouding van die kultiese gebruike nie, maar die uitdra van die Evangelie na die heidene (Rom 15:16). Só gesien word die alledaagse lewe dus as ere-diens aan God ervaar is.

Volgens Van der Merwe (NGTT 43 – p 12-13) is die vraag nou "na die verhouding tussen die enger liturgie en die wyer liturgie van alledaagse lewe." Van der Merwe sê dat "Noordmans beskryf die ervaring van diskontinuïteit wanneer van liturgie na die lewe oorgegaan word met die beeld van 'n skaatser wat op die spieëlgladde ys gemaklik skaats, maar dan skielik op 'n plek kom waar sand gestrooi is. Pas kon hy nog met gemak die ewewig behou - skielik kom hy byna tot stilstand en kos dit die grootste moeite om nie te val nie.

Daar behoort 'n hoë mate van kongruensie te wees tussen die teenwoordigheid van God in die erediens van die lewe en die teenwoordigheid van God in die enger liturgiese samekoms van die gemeente. Dis nie in te dink dat God wesenlik anders in die lewe as in die liturgie teenwoordig wil wees nie. Hier kom die waarskuwing van Levinas weer ter sprake dat nie alle metafore toereikend is om God mee te beskryf nie, maar alleen die metafore wat daarop wys hoedanig die nood van die wêreld God se genadige handelinge na vore roep en sy liefdeswese tot uiting laat kom. Daar kan in hierdie sin net liturgies sprake wees van God se teenwoordigheid waar die liturgie geen ontvlugtingsoord weg van die gebrokenheid van die lewe is nie, geen blaaskans wat ons neem, geen oase in die woestyn, veral geen stukkie hemel op aarde nie, maar waar die deure van die kerkgebou oop is sodat die nood van die wêreld die liturgie-vierende geloofsgemeenskap mag steur.

Waar die twee gestaltes van liturgie oorvleuel, sodat God ook binne die enger erediens in die nood van die wêreld herken word, die aangesig van die Ander in die aangesig van die ander gesien word, dáár is God "besonder" teenwoordig. Die twee gestaltes van liturgie moet analoog wees. Die implikasie is dat die

enger liturgie 'n gebroke, fragmentariese karakter dra waar die teenwoordigheid van God nie altyd op aanvraag en na willekeur gesien word nie. Of God in die erediens teenwoordig was, word dan eers later, Maandag tot Saterdag, duidelik.

Dit beteken ook dat die viering van die liturgie nie op lof en dank gefikseer mag word nie, maar juis gebore word uit die klag van die gemeente dat die lewe "daarbuite" nie te rym is met die "beloftes van Christus" nie. Lof bly uiteraard nie uit nie, maar is primêr die reaksie op die wete dat God die klag van sy kinders aanhoor" (Van der Merwe: NGTT – p12-13).

## 2.8 Gevolgtrekking

Hoe ons ook al dink en praat oor die teenwoordigheid van God in die erediens, het dit alles ten diepste te make met ons denke oor wat liturgie werklik is, en bedoel om te wees.

Saliers (1994:25) definieer liturgie as die kuns is om God se toekoms vir die wêreld in ontvangs te neem. Vir hom is die liturgie die kragveld van God se beloftes, waar ons pynlik ervaar en juis daaroor kla dat die hede nie te rym is met die toekoms van God nie. "Dié klag ruïneer nie die liturgie nie, omdat die liturgie juis die kragveld van die beloftes van God voorstel, waar die beklaagde werklikheid voor God benoem word" (Van der Merwe:NGTT-p13). Net so ruïneer lof en vreugde ook nie die liturgie nie – dit is juis daar omdat die klag deur God aangehoor en verhoor word.

Die postmoderne mense se behoefte na die alomteenwoordig-goddelike in die liturgie word 'n hemelse drama van 'n gerealiseerde eskatologie van die inkarnasie veronderstel, maar kan ook 'n maklik ontvlugting uit die gebroke werklikheid meebring, sodat dit geen analogie met die lewens-liturgie vertoon nie en ook nie juis 'n agenda vir dade van liefde buite die erediens inspireer nie.

"Die metafoor van God as Komende oftewel die "na ons Toekomende" is met hierdie siening van die liturgie te rym. Dan kan God tegelyk aanwesig wees, sonder om grypbaar te wees. Die ongrypbaarheid van God skep egter die verlange na God, wat op sigself reeds gebed is en reeds teken daarvan is dat ons op die pad is waar die moontlikheid bestaan om God te ontmoet. Om die teenwoordigheid van God te soek, is klaarblyklik baie soos wanneer 'n klein dogtertjie haar pa op die grasperk jaag. Daar is nie 'n kans dat sy hom sal vang, as hy hom nie láát vang nie! Wat dan ook dikwels in die spel gebeur, is dat die pa omswaai en die dogtertjie begin jaag en vang. Die agtervolger word die agtervolgde en uiteindelik die gevangene of gevondene. So is ons nooit sonder ons metaforiese soekontwerpe waarmee ons God najaag nie, maar as die "Ons Toekomende" en die "Ons Aansprekende", ontdek ons telkens weer dat dit Hy is wat óns gevind het" (Van der Merwe: NGTT, 14).

Die implikasie hiervan is dat ons nie altyd God se teenwoordigheid in die erediens kan uitwys en aanbring nie. 'n Verdere implikasie is dat God nie noodwendig teenwoordigheid in die estetiese of stigtelike – daar waar ons Hom juis verwag – nie. Dit beteken dat die liturgie nie net mooi en stigtelik hoef te wees nie, maar kan ook lelik en ontstigtelik wees. Die rede: omdat die gebrokenheid van die lewe daarin weerspieël word en nie net die hemelse nie. Saliers (1994:36) sê dat liturgie plaasvind daar waar die menslike lyding (pathos) en die Goddelike karakter (etos) mekaar ontmoet. Die toets bly dus of die erediens van die kerk (enger liturgie) en die erediens van die lewe (ruimer liturgie) mekaar vind en aanvul.

Na die bywoning van 'n erediens in die VSA word vir Moltmann gevra: "Did you enjoy the service?", antwoord hy "Ist denn Religion Spass?" (Is godsdiens dan bedoel om pret te wees?). Hiermee het Moltmann aangedui dat die kriterium vir God se teenwoordigheid nie lê in die belewing van die erediens "pret" óf "pynlik" nie.

Interessant dat Noordmans nie die bekende praesentia realis as term kies om God se teenwoordigheid in die erediens te beskryf nie, maar Franse term confrontation reelle. "Hy kies dus vir die téén-woord-igheid van God, dit wil sê vir 'n erediens waar die Spreker in beheer is en dinge mag sê soos dit is, sonde en die staat van ons verlorenheid mag benoem, maar ook mag vryspreek, en dit op velerlei maniere mag doen, hetsy deur Woord, doop of nagmaal, op die een manier in Advent, anders in Lydenstyd, vir die een so en vir die ander anders" (Van der Merwe:NGTT, 14).

Theron (1992:150) wys daarop dat die stilte van die mistiek behalwe verruklik ook verskriklik kan wees. Hoewel ons die stilte voor God sou verkies, is God egter is heel anders in ons lewe. So, byvoorbeeld, moet Abraham sy land verlaat; moet Jakob na Egipte trek; moet Moses in die woestyn rondswerf; moet Dawid vir sy lewe vlug; moet Israel in ballingskap gaan; én ... moet Jesus gekruisig word.

Die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens kan dus soms 'n aangename emosionele stempel dra soos verwoord in Ps 84:2 – "Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige!", máár kan ook 'n Jakobservaring wees toe Jakob wakker geskrik het en met vrees uitgeroep het: "... Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie .... Hoe skrikwekkend is hierdie plek! Dit is niks anders nie as die huis van God; dit is die poort van die hemel" (vgl. Gen 28:16 en 17).

Die Metodisme is daarvoor bekend dat dit die kerk as 'n "bekerings-instituut" sien. Al waarde wat die kerk – en die erediens – het, is dat dit die gerieflike plek is waar mense tot bekering gelei kan word. In die Metodisme word byna elke preek dan ook, op die een of ander manier, afgestem op die bekering en heilstoeëiening. Vanweë die Metodisme se Arminiaanse (Remonstrantse) inslag, val die klem op die noodsaak van die mens se beslissing. Die Arminiaanse Metodis is gedurig daarop ingestel om mense te laat eksamen skryf. Geloof en bekering word gesien as 'n soort toets wat geslaag moet word om gered te kan

word. Die redding is altyd slegs 'n "moontlikheid", dit is nie volmaak volbring op Golgota nie. Hierdie "moontlikheid" word 'n realiteit wanneer die mens sy kant gebring het deur hom/haar te bekeer. Die oorwegende klem val dus op die mens se inisiatief. Nodeloos om te sê hoe die Metodisme ook Gereformeerde kerke histories beïnvloed het - soos byvoorbeeld die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die geskiedenis van hierdie kerkverband dui dit onomstootlik aan.

Maar, wat is die (onbewustelike) invloed van die Metodisme op ons praktiese belewenis van die erediens van elke Sondag? Ons praktiese belewenis word gestempel deur ons sig wat ons op die erediens het. Hoe sien ons die erediens? Met watter verwagting gaan ons na die erediens? Neem dit die vorm aan van 'n soektog? Gaan dit oor iets wat gevind moet word? Gaan dit oor Iemand wat gevind moet word? Word daar gesoek na 'n bepaalde belewenis? Word daar gesoek na "kontak" met die Here? Is die verskillende elemente van die gereformeerde liturgie bedoel om kontak met die Here te soek?

Wanneer ons die verskillende elemente van die liturgie sien as maniere om die Here te vind, word die gereformeerde erediens 'n eindelose teleurstelling en vermoeienis. Die liturgie is immers nie bedoel as 'n manier om kontak met die Here te maak nie. So 'n uitgangspunt sou die hele Evangelie onderstebo draai. Die vraag is egter of dit nie juis een van die redes is waarom sommige mense so verveeld raak met die gereformeerde erediens nie? Is dit nie waarom daar so gesoek word na ander tipe eredienste wat "kontak bewerkstellig" nie? Dit is nie noodwendig 'n tipiese postmodernistiese tendens nie. Dit kan ook die gevolg wees van 'n fundamentele verkeerd-verstaan van die Evangelie self.

Die Evangelieboodskap laat nie die klem op die soekende mens val nie. Die Evangelie laat val die klem op die God wat die mens reeds gevind het – deur Sy vrye genade – op Golgota. Die Evangelie laat die klem val op die inisiatief wat van God uitgaan. Hy het 'n verbond opgerig met ons en ons kinders. Wanneer ons – binne hierdie verbond – van die erediens 'n soektog maak na kontak met

God, slaan ons die liturgiese bal totaal mis. In die kader van die verbond, word die erediens nie 'n soektog nie, maar 'n blye viering van deur God gevind te mag wees!! Dit maak 'n verskil so groot soos dag teenoor nag! Dit is die verskil tussen rus en onrus, sekerheid en onsekerheid.

Die gereformeerde erediens het eintlik niks met uitgediende "tradisie" te make nie. Die gereformeerde erediens is geskoei op die gestalte van die Evangelie self. Die erediens staan in die kader van God se vrye genadeverbond. Hy het ons op die kruis gered en met Homself versoen. Hy het ons gevind. Hy het kontak met ons bewerkstellig. Hy het Sy Gees op ons en ons kinders uitgestort. Deur die geloof mag ons dit ken en met verbasing ons daaroor verwonder. Ons mag Hom vereer omdat Hy Hom laat vind het. In die erediens hoef niemand sekerheid te soek nie. In die erediens gee die Here die sekerheid. In die erediens mag ons deur die geloof ontdek dat ons gevind is. Elke element van die erediens werk hiertoe mee. Wie die erediens vanuit die korrekte verstaan van die Evangelieboodskap benader, vier fees – die fees van verbaasde verwondering. Nie 'n soeke om "geraak" te word of om "volgens smaak" bedien te word nie. Sodoende word ons bevry van ons vermoeienis en onrustigheid en kom ons elke Sondag opnuut tot rus in Hom wat ons gevind het – in die erediens! Die erediens is dus geen soektog, maar 'n fees van gevind-wees!

Dis geen wonder dat juis Barth die Christelike lewe as aanbidding, as die aanroep van God, sou beskryf nie, want juis in die aanbidding kom al hierdie motiewe tesame, daar word die alternatiewe morele werklikheid ten duidelikste sigbaar, want daar kom die gemeente in die teenwoordigheid, in die ruimte en in die geskiedenis van die Drie-enige God. Daar word alles herdefinieer, ook alle morele vrae en alle antwoorde. Hulle kom in 'n ander lig te staan, die lig van die Christelike geloof.

# HOOFSTUK 3

# EMPIRIESE ONDERSOEK.

## 3.1 Doelstelling en motivering vir die ondersoek

Daar is tans so baie variasies in die liturgie en verskillende "modelle" wat in die erediens gebruik word dat 'n mens soms wonder waaroor dit werklik gaan in die erediens. Gaan dit oor God óf gaan die oor die mens?... Kort-kort lees en hoor jy dat die erediens "user-friendly" – die taal van die nuwe millennium? – moet wees. Die erediens wat God se teenwoordigheid simboliseer, word gereduseer tot 'n "showroom" waar die mens ge-"entertain" moet word deur die "entertainer" (die liturg). So gesien, blyk dit vir my asof God se teenwoordigheid in die erediens afgewater word na 'n "skouspel" en "entertainment".

Daar dan die **hoofdoelstelling** vir hierdie empiriese ondersoek, naamlik: om vas te stel of lidmate werklik God se teenwoordigheid in die erediens ervaar, al dan nie. Daarmee saam wil ook gepoog word om vas te stel of die belewing van die teenwoordigheid van God in die erediens enigsins verband hou met die lidmaat se persoonlike verhouding met God, én watter impak (invloed) die belewing óf nie-belewing van God se teenwoordigheid in die erediens op die daaglikse lewe van die lidmaat het.

Die **sekondêre doelstelling** vir die ondersoek is om te poog om die probleem met betrekking tot die rede hoekom mense nog die erediens bywoon. Dié probleem is tweeledig van aard:

(a) Hoekom woon mense die erediens by? .....
- om God se teenwoordigheid te ervaar?
- omdat dit maar net nog 'n ritueel (tradisie) is?

- omdat dit alles oor my eie prestasies gaan (bv. die Fariseërs)?
- omdat hulle wanhoop aan hulleself en heil by God soek (bv. die Tollenaar)?

(b) Hoekom woon mense nie eredienste bywoon nie? .....

- Waarom eerder Sondag op die sportveld (bv. golfbaan) deurbring?
- Het dit dalk te doen met die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens, al dan nie?

Die kern vraag is dus: *"Hoe beleef mense die teenwoordigheid van God in die erediens?"*

## 3.2 Belang van so 'n navorsing

Die belang van dié navorsing is geleë in die soeke na 'n erediens "styl" óf "model" wat, enersyds, mense help om werklik God se teenwoordigheid in die erediens te beleef sonder dat dit nodig is om 'n "sirkus" van die erediens te maak; én, andersyds, God weer sy regmatige plek in die erediens te gee waar Hy alleen verheerlik kan word.

Hopelik sal dié navorsing daartoe bydrae dat mense weer nuut na die erediens sal kyk en God se teenwoordigheid in die erediens as onontbeerlik vir die Christelike lewe sal besef.

## 3.3 Navorsingsmetode

Die volgende twee navorsingsmetodes is van gebruik gemaak:

1. 'n **Literatuur ondersoek** om te poog om:

(i) die vraag na 'n gereformeerde erediens te beantwoord, soos verwoord in hoofstuk 1, én

(ii) om die vraag na die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens te beantwoord, soos verwoord in hoofstuk 2.

2. 'n **Empiriese ondersoek** wat kwalitatief van aard sal wees. Die werksmetode wat gebruik is was soos volg:

   (i) 'n Semi-gestruktureerde onderhoud skedule (vraelys) is opgestel wat gebruik is tydens elke onderhoud wat gevoer is.

   (ii) Persoonlike onderhoude is met 15 geselekteerde lidmate van die Ned. Geref. Kerk gevoer.

   (iii) My gevolgtrekking is die resultaat van die interaksie tussen die literatuur ondersoek en die werklike belewing van God se teenwoordigheid in die erediens soos wat dit vanuit die empiriese ondersoek blyk.

Die volgende **semi-gestruktureerde onderhou skedule** (vraelys) is opgestel en tydens die onderhoude gebruik (Bylae A, sien inhoudsopgawes). Die volgende vrae is tydens die onderhoude aan elk van die respondent gevra:

1. Persentasiegewys, hoeveel keer sou u sê, stap u by die kerk uit met die gevoel dat u wel God se teenwoordigheid in die erediens ervaar het?
2. Is dit u ervaring dat God altyd teenwoordig is in die erediens? Motiveer kortliks.
3. Watter liturgiese momente (bv. liedere, skuldbelydenis, vryspraak, preek, ens.) sou u sê help u om God se teenwoordigheid in die erediens te ervaar?
4. Watter tipe dienste (soort prediking/predikingsboodskappe) voel u as minder betekenisvol vir u om God se teenwoordigheid in die erediens te ervaar?
5. Is daar sekere tipe liturgiese momente wat u voel God se teenwoordigheid in die erediens in 'n mate uitsluit?

6. Voel u dat daar te min van die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens gemaak word?
7. Watter impak (invloed) het u ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens op u daaglikse lewe?

Daar is ook, na gelang van die gesprek, van die volgende "invra" vrae gebruik gemaak:

(a) Hoe gereeld woon u die erediens in u gemeente by?
(b) Wat is na u mening die hoofrede vir u gereelde erediens bywoning?
(c) Sou u sê dat u die eredienste uit gewoonte bywoon – m.a.w. dat u die eredienste uit tradisie (ritueel) bywoon?
(d) Hoe ervaar u God se teenwoordigheid in die erediens?
(e) Sou u, u ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens toeskryf aan: (i) u eie prestasies, óf (ii) omdat u wanhoop aan uself en heil by God soek?
(f) Wat is na u mening die hoofrede waarom lidmate nie die eredienste bywoon nie?
(g) Daar is tans so baie variasies in die liturgie en verskillende modelle wat in die erediens gebruik word dat 'n mens soms wonder waaroor dit werklik gaan in die erediens. Volgens u mening, waaroor, sou u sê, gaan dit deesdae in die erediens? ... Oor God óf oor die mens?
(h) Sou u kon saamstem met die stelling: "Die erediens wat God se teenwoordigheid simboliseer, word gereduseer tot 'n vertoonkamer ("showroom") waar die mens vermaak (ge-"entertain") moet word deur die voordraer ("entertainer") – die liturg".
(i) Het u belewing van God se teenwoordigheid in die erediens enigsins waarde vir u eie persoonlike belewing van God se teenwoordigheid in u privaat lewe.
(j) Hoe beleef of ervaar u God se teenwoordigheid in u eie lewe?
(k) Watter "simbool" beklemtoon God se teenwoordigheid vir jou in die erediens?

(l) Is God se teenwoordigheid 'n realiteit in jou lewe?

(m) Is God se teenwoordigheid in die erediens vir jou belangrik?

(n) Wie, volgens jou, moet God se teenwoordigheid in die erediens laat gestalte vind?

(o) Watter elemente in die erediens maak God teenwoordigheid in die erediens?

(p) Ervaar jy God se teenwoordigheid in die erediens?

(q) Watter motivering vind jy uit hierdie belewing van God se teenwoordigheid in die erediens en in jou eie lewe?

(r) Is God ook roepend teenwoordigheid in jou daaglikse lewe?

Ek het die persone met wie ek onderhoude gevoer het, soos volg opgespoor: Ek het vier gemeentes geïdentifiseer waarvan twee se eredienste as meer "tradisioneel" of "gereformeerd" en twee se eredienste as meer "vernuwend" of "charismaties" beskou sou kon word. In hierdie gemeentes het ek die predikante genader om 'n onderhou met hulle te voer na aanleiding van bogenoemde vrae, én om vir my twee lidmate se name te gee wat besonder gelukkig of ongelukkig is met hulle gemeentes se eredienste. Ek het afsprake met die onderskeie mense gemaak en met elkeen aan die hand van die vraelys in gesprek getree. Ek het dan aantekeninge gemaak van die respondente se antwoorde op die onderskeie vrae wat aan hulle gestel is.

In hierdie navorsingsverslag vertel ek wat ek gehoor het. Ek vertel dit egter nie maar net klakkeloos en onnadenkend oor nie. Wetenskaplike navorsing behels die voortdurende luister en interpreteer van verhale. Ek kan dit nie objektief doen nie, want ek interpreteer die verhale vanuit my eie verwysingsraamwerk, lewenswêreld en ervarings.

Ek is 'n predikant in 'n gemeente wat ook in die middestad van Kempton Park geleë is, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Kemptonparkgemeente.

Ek het binne die konteks van die gemeente waarin ek werk 'n bewuste keuse gemaak vir 'n tipe erediens styl wat aansluiting vind by 'n meer formele gereformeerde styl van aanbidding in die erediens. Die gemeente is 'n klein gemeente, met een voltydse predikant en een SADP Kapelaan.

As navorser is ek daarop ingestel om ook in diens te staan van my gespreksgenote. Vir my is hulle nie "objekte" nie, maar mede-navorsers en daarom is dit ook my wens dat hierdie navorsing tot voordeel van my gespreksgenote sal verloop. Ek aanvaar dat navorsingsresultate nie konteksloos as absolute waarhede vir alle mense en situasies geldig is nie.

## 3.4 RESULTATE van die empiriese ondersoek

Die ouderdomsgroepe van die respondente het gewissel van jonk tot oud. twee was tussen 10-20 jaar; vyf tussen 20-40 jaar; vier tussen 40-60 jaar en vier ouers as 60 jaar.

1. Op die **eerste vraag:** *"Persentasiegewys, hoeveel keer sou u sê, stap u by die kerk uit met die gevoel dat u wel God se teenwoordigheid in die erediens ervaar het?"*, het sewe aangedui dat hulle God se teenwoordigheid in die erediens tussen 80-100% ervaar; terwyl vier aangedui dat hulle God se teenwoordigheid in die erediens tussen 60-80% ervaar én vier het aangedui dat hulle God se teenwoordigheid in die erediens tussen 40-60% ervaar.

   **1.1** Op die invra vraag: *"Hoe gereeld woon u die eredienste in u gemeente by?"*, het al 15 respondente gesê dat hulle elke Sondag die eredienste in hulle onderskeie gemeentes bywoon.

   **1.2** Op die invra vraag: *"Wat is na u mening die hoofrede vir u gereelde erediens bywoning?"*, het 12 geantwoord dat hulle 'n behoefte daaraan

het die eredienste by te woon; terwyl een gesê het dat dit uit pligsbesef is en twee het gesê dit is 'n gewoonte by hulle om die eredienste gereeld by te woon.

**1.3** Op die invra vraag: *"Wat is na u mening die hoofrede waarom lidmate nie die eredienste bywoon nie?"*, het sewe gesê hulle dink dat baie lidmate bloot as gevolg van onbetrokkenheid nie die eredienste bywoon nie. Een het egter gevoel dat dit moontlik is as gevolg van negatiwiteit oor die kerk; en 'n ander het gevoel dis moontlik omdat lidmate dalk te besig is. Drie het gevoel dat lidmate moontlik om persoonlike redes nie gereeld die eredienste bywoon nie. Daar het ook drie respondente aangedui dat hulle onseker is wat die hoofrede is waarom lidmate nie gereeld die eredienste bywoon nie.

**Bespreking:** *(Vraag 1 en invra vrae 1.1 tot 1.3):*
Alhoewel daar 'n 100% kerkbywoning aangedui word, is dit opvallend dat slegs 47% God se teenwoordigheid in die erediens tussen 80%-100% ervaar, terwyl 26,5% uit die erediens uitstap met die ervaring van God se teenwoordigheid. Iets wat egter tot kommer stem is die hoë persentasie (24,5%) mense wat sê dat hulle God se teenwoordigheid in die erediens slegs tussen 40%-60% ervaar. Wat ook opvallend (en bemoedigend) is, is dat daar, ten spyte van die lae persentasie ervarings, tog 'n groot behoefte (80%) by mense bestaan om die erediens by te woon.

**2.** Op die **tweede vraag:** *"Is dit u ervaring dat God altyd teenwoordig is in die erediens?"*, het 12 van die respondente geantwoord dat dit hulle ervaring is dat God altyd in die erediens teenwoordig is; terwyl drie gesê het dat dit nie hulle ervaring is nie.

Die rede wat aangevoer word vir die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens is onder ander: "God het belowe dat hy teenwoordig sal wees"; die "stilte en stemmigheid" wat in die erediens heers; gewyde "sang" in "worshipping"; die "werk van die Heilige Gees" in die erediens en in die in die lewe van die mens na die erediens. Hierteenoor speel dinge soos "eie gedagtes" (wat maak dat jy nie altyd fokus op God se teenwoordigeheid nie); "gesindheid" (waarmee jy die erediens bywoon); asook jou "ingesteldheid" (hoe jy jouself instel op die erediens) ook 'n groot rol in die belewing van God se teenwoordigheid, al dan nie.

**2.1** Op die invra vraag: *"Sou u, u ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens toeskryf aan: (i) u eie prestasies, (ii) omdat u wanhoop aan uself en heil by God soek?"*, het 13 van die respondente aangedui dat hulle "wanhoop aan hulself en heil by God soek", en twee het gesê dat hulle onseker is.

**2.2** Op die invra vraag: *"Is God se teenwoordigheid vir jou belangrik"* het al 15 respondente onomwonde "ja" geantwoord omdat dit 'n groot rol speel in hulle eie persoonlike verhouding met God.

**2.3** Op die invra vraag: *"Wie, volgens jou, moet God se teenwoordigheid in die erediens laat gestalte vind?"*, het vier gesê dat dit die taak van die liturg is, terwyl vier gesê het dat hulle onseker is en dus nie regtig weet nie. Sewe van die respondente het egter gesê dat dit slegs God is wat Homself teenwoordig kan maak deur sy Woord en Gees.

**Bespreking:** *(Vraag 2 en invra vrae 2.1 tot 2.3):*

Ofskoon almal (100%) aangedui het dat dit vir hulle uiters belangrik is om God se teenwoordigheid wel te ervaar – nie net in die erediens nie, maar ook in hulle eie

persoonlike lewe – is interessant dat slegs 80% *altyd* God se teenwoordig in die erediens ervaar, terwyl 20% dit nie *altyd* ervaar nie.

Indien die antwoorde van vraag 2 met dié van vraag 1 vergelyk word, is dit opmerklik hoedat hierdie twee vrae mekaar uitbalanseer en duidelik aantoon dat mense God se teenwoordigheid grootliks met die verstand (*kognitiewe*) ervaar en nie soseer met die hart (*affektiewe*) ervaar nie. Overgesetsynde: mense se ervaar van God se teenwoordigheid is meer 'n verstandskennis as hartskennis.

Dit word dan ook baie duidelik bevestig deur die feit dat soveel as 86.5% in hulself wanhoop en daarom hul heil by God soek. Tog is dit baie duidelik dat mense nie regtig seker is *wie* God in die erediens en die lewe van die mens teenwoordig moet stel nie, aangesien slegs 47% glo dat nét God Homself teenwoordig kan stel, terwyl 26.5% weer glo dat dit die taak van die liturg is, terwyl die res (26.5%) totaal onseker is. Hieruit kan dus afgelei word dat mense te veel staatmaak op die kognitiewe as op die affektiewe.

3. Op die **derde vraag**: *"Watter liturgiese momente (bv. liedere, skuldbelydenis, vryspraak, preek, ens.) sou u sê help u om God se teenwoordigheid in die erediens te ervaar?"* was almal se gevoel dat meer as een (in sommige gevalle, "alle liturgiese moment") daartoe bydra. Uit die 15 respondente het sewe gesê dat die "liedere (sang)" hulle help om God se teenwoordigheid te ervaar, terwyl vier aangedui het dat dit die "skuldbelydenis" is; vier het gesê die "vryspraak" en drie die "preek". Hierteenoor het agt uit die 15 respondente aangedui dat die hele erediens daartoe bydra.

   **3.1** Op die invra stelling: *"Daar is tans so baie variasies in die liturgie en verskillende modelle wat in die erediens gebruik word dat 'n mens soms wonder waaroor dit werklik gaan in die erediens. Volgens u mening, waaroor, sou u sê, gaan dit deesdae in die erediens? ... Oor God óf oor*

*die mens?"* het 10 gesê dat dit vir hulle oor "God" gaan in die erediens, terwyl drie van mening was dat dit oor die "mens" gaan. Drie van die respondente was egter onseker.

**3.2** Op die invra vraag: *"Sou u kon saamstem met die stelling: "Die erediens wat God se teenwoordigheid simboliseer, word gereduseer tot 'n vertoonkamer ("showroom") waar die mens vermaak (ge-"entertain") moet word deur die voordraer ("entertainer") – die liturg",* het agt van die respondente saamgestem met genoemde stelling, omdat, volgens hulle, die "entertainment"-gedagte nie in ons kerk se erediens-kultuur pas nie; dat die kerk nie 'n "showroom" en die erediens nie 'n "konsert" is nie, maar die plek waar ons God ontmoet. Een van die respondente het duidelik gesê dat God nie "vermaak" kan word nie en dat Hy ook geen mens "vermaak" nie. Hierteenoor het vyf respondente gesê dat hulle nie met die stelling kan saamstem nie aangesien dit nie net die liturg is wat in die erediens optree nie, maar ook ander lidmate wat die Here (en die gemeente) dien met hulle onderskeie gawes. Twee van die respondente het aangedui dat hulle nie verstaan wat met die stelling bedoel word nie.

**Bespreking:** *(Vraag 3 en invra vrae 3.1 tot 3.2):*
Die vraag na die effektiwiteit van die erediens om daartoe by te dra dat mense God se teenwoordigheid kan ervaar, kom hier op die spel. Dit is baie opvallend dat slegs 53% voel dat die huidige voorgestelde liturgie van erediens, soos aanbeveel word in die "Handboek van die Erediens", in geheel help dat hulle God se teenwoordigheid in die erediens te ervaar.

Word die onderskeie liturgiese momente van die erediens egter afsonderlik uitgelig dan is dit opvallend dat 47% beweer dat die *sang (die sogenaamde "worshipping"–gedagte)* hulle help om God se teenwoordigheid in die erediens te ervaar. Dit is tiperend van die invloed van die Charismate en die Amerikaanse Reformasie. Die fokus word van die Woord, wat volgens die tradisie van die

gereformeerde erediens sentraal in die erediens staan, verskuif na die sang wat nou die moment word wat God se teenwoordigheid as't ware "opswepend" moet bewerkstellig.

Die skokkende gevolg hiervan is dat, aangesien die fokus nie meer op die Woord val nie, daar slegs 66,5% voel dat dit in die erediens oor God gaan, en nie oor die mens nie. Geen wonder dat daar so 'n klein persentasie is wat aangetoon het dat die *skuldbelydenis* (26.5%) en die *vryspraak en preek* (26.5%) as liturgiese momente hulle daartoe help om God se teenwoordigheid in die erediens te ervaar. Duidelik 'n bewys dat daar almeer wegbeweeg word van die Bybelse leerstelling dat dit God is deur sy Woord en Gees, in die erediens en die lewe van die mens, werk.

'n Riem onder die hart is darem dit feit dat die meerderheid (53%) voel dat die erediens nie 'n vertoonkamer *("showroom")* is waar mense vermaak *(ge-"entertain")* moet word deur die voordraer *("entertainer")* – die liturg nie. Hierdie hele "vermaak"-gedagte is totaal vreemd aan die Skrif, asook aan die tradisie van die gereformeerde erediens. Dat daar meer duidelikheid vanuit die Skrif hieroor verkry moet word, is nie altemit nie. Die oomblik wanneer die Woord en die Heilige Gees nie alleen die alles oortreffende gesag het om God se teenwoordigheid daar te stel nie, en dus vervang moet word deur 'n "entertainer" dan mis die mens die Godgegewe doel van die erediens geheel-en-al.

4. Op die **vierde vraag**: *"Watter tipe dienste (soort prediking/ predikingsboodskappe) voel u as minder betekenisvol vir u om God se teenwoordigheid in die erediens te ervaar?"*, het agt respondente gesê dat daar geen spesifieke tipe eredienste is wat vir hulle minder betekenisvol is om God se teenwoordigheid in die erediens te ervaar nie. Hierteenoor het sewe van die respondente aangedui dat daar sommige tipe dienste is wat vir hulle minder betekenisvol is, naamlik: boodskappe rakende die gemeente se finansies (1);

verdoemingspreke (1); sangdienste wat met 'n groot lawaai gepaard gaan en konsertagtig is (2); preke wat nie altyd die klem op God se wil plaas nie (2); boodskappe wat net op die negatiewe konsentreer (1).

**Bespreking:** *(Vraag 4):*

Dit is baie belowend dat 53% van die lidmate tevrede is met die tipe dienste en predikingsboodskappe wat tans in die eredienste gebruik word. Vir die res (47%) blyk dit nie soseer dat dit gaan oor 'n spesifieke tipe erediensstyl nie, maar eerder dat dit gaan oor persoonlike smaak, byvoorbeeld, sangdienste wat gepaard gaan met lawaai en konsertagtig (liturgiese danse, mimiek, ens.).

Die gevoel is eerder dat sommige preke wat verdoemend en negatief is, van minder belang is en beslis nie die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens bevorder nie. Hiermee saam is preke wat nie die klem op God se genade en liefde plaas nie, ook 'n rolspeler in die nie-ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens. In beide bogenoemde gevalle dra die nie-ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens ook nie by tot die ervaring van God se teenwoordigheid in die lewe en wêreld van die mens nie.

5. Op die **vyfde vraag:** *"Is daar sekere tipe liturgiese momente wat u voel God se teenwoordigheid in die erediens in 'n mate uitsluit?"*, het 10 respondente "nee" geantwoord omdat hulle voel dat al die liturgiese momente wel God se teenwoordigheid weerspieël. Soos een dit pragtig stel: "Niks kan God se teenwoordigheid uitsluit of beperk nie, wat Hy is oral en altyd teenwoordig". Vyf respondente het egter "ja" geantwoord. Vir hulle is momente soos die afkondigings (wat gewoonlik "boring" is), die opneem van offergawes en die opsteek en klap van hande in die erediens, liturgiese momente wat die teenwoordigheid van God in 'n mate uitsluit. Dit breek die gewyde atmosfeer en opbou van die erediens af, mense skarrel rond (om byvoorbeeld geld vir

die dankoffers te kry) wat dan 'n fokus verskuiwing weg van die teenwoordigheid van God na wat rondom jou aangaan tot gevolg het.

**Bespreking:** *(Vraag 5):*

Dit is interessant dat slegs 66% van die lidmate aandui dat daar geen spesifieke liturgiese momente is wat die teenwoordigheid van God enigsins uitsluit nie, teenoor die 80% wat in vraag 2 aangedui het dat dit hulle ervaring is dat God altyd teenwoordig is in die erediens. Dit korrespondeer weer met die vraag 1 en vraag 2 se bespreking met betrekking tot die kognitiewe ervaring en die affektiewe ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens, asook in die lewe en wêreld van die mens.

Momente wat wel in 'n mate die teenwoordigheid van God in die erediens uitsluit is volgens 33,5% hoofsaaklik momente wat die gang en gewydheid van die erediens onderbreek, byvoorbeeld, die afkondigings en die dankoffers (die opneem van liefdegawes). Wat die afkondigings betref dink ek dat baie gemeentes dit reeds in 'n groot mate aangespreek het deur die druk en uitgee van 'n weeklikse afkondigings blaadjie. Dit is egter ook waar dat, ten spyte dat daar skriftelike afkondigings by die deure uitgegee word, daar nogtans voor die aanvang van die erediens sekere afkondigings gedoen word. Natuurlik kan dit vir die persoon wat reeds in die kerk sit en voor die aanvang van die erediens in stille toewyding voor die Here verskyn het, 'n geweldige onderbreking wees. Juis daarom sal daar met baie meer omsigtigheid aandag gegee word aan die plek van afkondigings by die erediens. Wat die dankoffers betref, is dit seker 'n geldige argument dat dit steurend kan wees wanneer mense rond skarrel om hulle geld te kry, maar die gee van dankoffers is tog een van die maniere waarop mense op God se Woord kan reageer. Dit is en bly immers 'n gewyde oomblik wat in stilte behoort te geskied. Wanneer die stilte onderbreek word deur 'n lawaai en onderlangse gefluiter, dan is dit die liturg se plig om aan die gemeente te verduidelik wat die werklike doel en betekenis van die dankoffer insameling is, en dat dit beslis nie 'n "kuier"-geleentheid is nie.

6. Op die **sesde vraag**: *"Voel u dat daar te min van die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens gemaak word?"*, het agt van die respondente "ja" en sewe het "nee" geantwoord. Redes wat aangevoer is, onder andere dat baie mense (veral die jeug) nie weet wat dit beteken dat God in die erediens teenwoordig is nie en juis daarom moet die leraar dit meer pertinent sê. Soms is die preke te lank en dan is daar te min tyd vir aanbidding, lofprysing, stilte en gebed. Een respondent het gesê dat dit lyk asof die N.G. Kerk bang en (moontlik) onsekere is "ervarings". Daarom moet daar baie meer van die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens, asook in die lewe van die mens, gemaak moet word. Baie mense het 'n behoefte daaraan om God te ervaar, maar weet nie hoe nie. Wat betref die sewe respondente wat "nee" geantwoord het, blyk dit dat daar wel in sommige dienste (gemeentes) klem gelê word op die ervaring van God in die erediens.

**Bespreking:** *(Vraag 6):*

Wanneer die resultate van hierdie vraag vergelyk met dié van vraag 3 (invra vraag 3) dan wil dit voorkom asof hierdie "meer maak van God se teenwoordigheid" ons weer bring by die vraag: "Wie moet God teenwoordig maak?" Dis was egter nie die bedoeling van hierdie vraag nie. Met hierdie vraag wou ek poog om vas te stel of daar 'n behoefte is om meer te weet, en te leer, oor hoe God werklik in die erediens, asook in die lewe en wêreld van die mens, teenwoordig is, al dan nie.

Daarom is dit opvallend dat slegs 47% van mening is dat daar genoeg gemaak word van die ervaring van God in die erediens, terwyl die meerderheid (53%) weer van mening is dat daar nie genoeg van die teenwoordigheid gemaak word in die erediens nie. Hieruit kan dus afgelui word dat daar werklik 'n behoefte by mense is om meer te wete te kom van hoe God teenwoordigheid is in die erediens, asook in die lewe en wêreld van die mens, én hoe Sy teenwoordigheid ervaar kan word in die erediens, asook in die daaglikse lewe en wêreld van die mens. Hieraan sal daar beslis meer aandag gegee moet word deur die liturge.

7. Op die sewende vraag: *"Watter impak (invloed) het u ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens op u daaglikse lewe?"*, het 13 respondente gesê dat dit 'n baie groot invloed op hulle daaglikse lewe het, terwyl slegs twee te kenne gegee het dat dit slegs 'n redelike invloed op hulle daaglikse lewe uitoefen.

Die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens, asook in die lewe en wêreld van die mens, is van groot waarde vir elke persoon wat 'n persoonlike ontmoeting met God gehad het. Hy is die lewenskrag vir elke mense wat daagliks gebuk gaan onder die druk van 'n gekompliseerde wêreld. Deur God se teenwoordigheid in die erediens te ervaar is op sigself 'n stuk geestelike verryking. Dit gee jou nuwe krag en 'n nuwe ingesteldheid op die lewe self, wat daartoe bydrae dat jy weer met nuwe toewyding voluit vir die Here lewe. Verder stel dit jou in staat om die daaglikse versoekinge en hindernisse van die lewe met gemak die hoof te bied en om te alle tye jou geloof uit te leef in gehoorsaamheid aan God se Woord.

Een van die respondente stel dit pragtig wanneer sy sê: "Die erediens dien as ons 'klas-onderrig' vir die daaglikse lewe". Ons kan dus sê dat die belewing van God se teenwoordigheid in die erediens van onskatbare waarde is vir ons daaglikse lewe.

7.1 Op die invra vraag: *"Sou u sê dat u belewing van God se teenwoordigheid in die erediens enigsins waarde vir u eie persoonlike belewing van God se teenwoordigheid in u privaat lewe"*, het 10 respondente positief geantwoord terwyl twee aangedui het dat hulle onseker is, en drie het "nee" gesê.

7.2 Op die invra vraag: *"Ervaar u God se teenwoordigheid in die u eie lewe?"* het al 15 respondente aangetoon dat hulle God se teenwoordigheid in hul eie lewe ervaar.

**Bespreking:** *(Vraag 7 en invra vrae 7.1 tot 7.2):*

Dit is verblywend, en werklik 'n riem onder die hart, dat mense God se teenwoordigheid in hulle eie persoonlike lewe 100% ervaar. En tog is dit interessant dat slegs 86,5% sê dat die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens op hulle daaglikse 'n lewe 'n invloed het. 13.5 % sê darem dat dit 'n redelike invloed op hulle daaglikse lewe het.

Wat egter opvallend is, is dit feit dat slegs 66,5% voel dat die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens waarde het, en daartoe bydra, dat hulle God se teenwoordigheid ook in hulle eie private lewe ervaar. Hierteenoor het 30% aangedui dat dit van geen waarde is nie, terwyl 13,5% gesê het dat hulle onseker is.

Dit wil dus voorkom asof mense – of dit nou op die kognitiewe vlak óf die affektiewe vlak is – baie beslis bewus is van God se teenwoordigheid in hulle eie lewens. Maar, of die erediens opsigself enigsins daartoe bydra, is nie so seker nie. Moontlik is dit hoekom al hoe minder mense deesdae die eredienste bywoon. Hieraan sal beslis meer aandag gegee moet word.

# HOOFSTUK 4

## GEVOLGTREKKING

Na aanleiding van die voorafgaande kwalitatiewe empiriese ondersoek met betrekking tot die werklike belewing van God se teenwoordigheid in die erediens (Hoofstuk 3) en die literatuur ondersoek (Hoofstukke 1 en 2) kan tot die volgende gevolgtrekking gekom word:

1. Ongeag of daar 'n groeiende belangstelling is in die hele gereformeerde erediens kwessie, blyk dit dat dit nie enige noemenswaardige invloed het op die mense se ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens nie. So ook wat betref die vraagstuk na God se teenwoordigheid, die oorgrote meerderheid het deurgans die ervaar God wel in die erediens teenwoordig is.

2. Ofskoon die erediens as gereformeerd beskou word al dan nie, blyk dit vanuit die ondersoek duidelik dat erediens bywoning as baie belangrik geag word omdat daar onder lidmate 'n sterk behoefte heers om eredienste by te woon. Daarteenoor blyk dit dat lidmate wat onbetrokke is en dus nie gereeld die eredienste bywoon nie, as't ware uit mis aangesien die gereelde bywoning van eredienste 'n beslissende bydrae tot die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens, asook die lewe en wêreld van die mens, het. Dis asof die spreukwoord: "Onbekend, maak onbemind" hier van toepassing kan wees.

3. Of liturgiese momente soos stilte, stemmigheid, gewyde sang, "worshipping", jou eie gedagtes, gesinheid en ingesteldheid, 'n invloed het op die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens al dan nie,

kan (en mag) God se teenwoordig in die erediens nooit betwyfel te word nie. God is nie net alomteenwoordig nie, maar veral teenwoordig omdat Hy dit belowe het, en omdat Hy deur Sy Woord en Gees reeds teenwoordig is.

4. Die belang van God se teenwoordigheid is nie net vir teologie belangrik nie, maar dit is ook vir die lidmaat belangrik, nie soseer omdat dit hier gaan oor die vraag na 'n gereformeerde erediens of self of God wel teenwoordig is of nie is nie, maar juis omdat dit 'n groot rol te vervul het in die lewe en wêreld van die mens. Die Mens wanhoop in homself en daarom wend hy hom tot die Here wat Homself aan die mens openbaar as die lewende teenwoordige Skepper God .

5. Alhoewel daar oor die jare heen baie verskeie liturgieë tot stand gebring is, blyk dit dat die gereformeerde liturgie soos wat ons dit in die "Handboek van die erediens" vind, voldoen aan al die vereistes om God in die erediens teenwoordig te stel. Al die liturgiese momente soos wat ons in 'n gereformeerde erediens vind, dra immers by tot die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens. Ofskoon daar reeds baie variasies in die liturgie (asook modelle) gebruik word, blyk dit asof die "vernuwing" darem nog nie sy tol geëis het en die fokus nog op God rus en nie verskuif het na die mens nie. Geen een van die huidige liturgiese momente (soos voorgeskryf deur die "Handboek van die erediens") sluit God se teenwoordigheid uit nie. Niks kan immers God se teenwoordigheid uitsluit of beperk nie, wat Hy is oral en altyd teenwoordig. Momente waaraan moontlik aandag gegee moet word is die afkondigings en die opneem van die offergawes. Alhoewel laasgenoemde tot 'n plek het in die liturgie, kan die rondgeskarrel van mense om hul dankoffers (geld) te kry, die gewyde atmosfeer en opbou van die erediens onderbreek. 'n Verdere studie in die verband kan van groot waarde wees.

6. Kenmerkend van die gereformeerde erediens is dat dit nooit 'n vertoonkamer ("showroom") kan wees waar die mens vermaak (ge-"entertain") moet word deur die voordraer ("entertainer") – die liturg – nie. Ofskoon mense hulle onderskeie gawes en talente aanwend word in die erediens, kan die erediens nooit 'n plek wees waar God "vermaak" word of Hy mens "vermaak" nie.

7. Die tradisionele gereformeerde erediens as erediens-tipe word nog as betekenisvol geag en is daar nie werklike 'n behoefte aan ander, meer "moderne" of charismatiese erediens-tipes nie. Predikingsboodskappe wat hoofsaaklik konsentreer tiendes (finansies), veroordelende en negatiwiteit is in stryd met die gereformeerde tradisie en help geensins daartoe om God se teenwoordigheid positief te ervaar nie.

8. Alhoewel daar meer as voldoende geleentheid in die gereformeerde erediens is om God se teenwoordigheid in die erediens tot sy reg te laat kom, blyk dit tog dat daar by baie 'n behoefte daaraan is dat in die erediens meer gemaak moet word van die teenwoordigheid van God, asook die belewing van God se teenwoordigheid. Ofskoon al die respondente aangedui het dat hulle wel God se teenwoordigheid in die erediens beleef, was hulle egter van mening dat dit nie noodwendig by alle mense (veral die jeug) is nie. Mense se belewing van God se teenwoordigheid, volgens hulle, wissel aangesien baie mense nie weet hoe om God se teenwoordigheid in die erediens te beleef nie.

Hieruit blyk dit dus duidelik dat daar beslis meer aandag gegee en meer ruimte gemaak moet word in die huidige, tradisionele liturgie van die gereformeerde erediens. Hoewel die werklike belewing van God se teenwoordigheid, soos duidelik in die literatuur ondersoek na vore gekom het, nie deur die mens daargestel kan word nie, moet daar gewaak word teen enige vorm daarvan. Daar sal dus met groot versigtigheid te werk

gegaan moet word in die proses om meer te maak van die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens, asook die lewe ne wêreld van die mens.

Alhoewel daar in die N.G. Kerk reeds baie vernuwende erediensstyle bestaan, wil dit tog voorkom asof daar baie onsekerheid – wat gegrond is in die "vrees vir verandering en vernuwing" – bestaan oor wat werklik bedoel word met belewing en ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens. Daar heers, so glo ek, 'n groot stuk verwarring onder kerkleiers, sowel as lidmate, oor die aangeleentheid. Baie verwar ervaring met emosie en kan daarom nie onderskei tussen emosie en ervaring nie. Vir baie is emosionele opsweping, deur byvoorbeeld sang, die belewing en ervaring van God se teenwoordigheid. Dit is egter van korte duur en het geen waarde vir die persoonlike lewe en wêreld nie. Hieraan behoort baie meer aandag gegee te word deur kerkleiers en liturge. Daarbenewens is emosie baie persoonlik en wisselvallig. Emosie verander van dag-tot-dag, die verskil van mens- tot-mens, en dan is dit ook so dat mans dinge totaal op 'n ander vlak emosioneel ervaar as wat vrouens en kinders dit ervaar.

Ofskoon die ervaring van God se teenwoordigheid ook van mens-tot-mens kan (en mag) verskil, glo ek dat hierdie verskille eerder toegeskryf kan aan hulle geestelike welstand, naamlik hulle persoonlike verhouding met God, en nie aan persoonlikheidsverskille soos wat dit in die geval van emosie is nie. Daar behoort dus 'n duidelike onderskeid getref te word tussen ervaring en emosie met betrekking tot God se teenwoordigheid in die erediens.

9. Die ervaring van God se teenwoordigheid in die gereformeerde erediens, asook in die lewe en die wêreld van die mens, is van onskatbare waarde vir elke persoon wat in 'n persoonlike verhouding met die Here staan. Om God se teenwoordigheid in die erediens, asook in jou eie persoonlike

lewe, te ervaar, verryk jou geestelike lewe. Dit bring 'n nuwe ingesteldheid op God en die lewe tot stand, wat daartoe bydrae dat jy met nuwe toewyding voluit vir die Here kan lewe, en die daaglikse versoekinge en hindernisse van die lewe met gemak die hoof te bied.

10. Om God se teenwoordigheid in die erediens te beleef, is nie net geestelik verrykend nie, maar stel jou ook in staat om daagliks in God se teenwoordigheid, in gehoorsaamheid aan God se Woord, voluit te lewe.

# BYLAE A

## ONDERHOUSKEDULE

### God se teenwoordigheid in die erediens

***(MA Verhandeling – Ds. T.N. Bekker)***

Kan ek asseblief 'n oomblik van u tyd gebruik vir die beantwoording van 'n paar vrae. Ek wil graag die inligting gebruik as data in my verhandeling vir die graad MA (Teologie). Die onderwerp van my verhandeling handel oor: *"Die ervaring van die God se teenwoordigheid in die erediens."* Alle inligting sal VERTROULIK hanteer word.

Ds. Nico Bekker.

---

NAAM:________________________________________

OUDERDOM: ________________

**VRAE:**

1. Persentasiegewys, hoeveel keer sou u sê, stap u by die kerk uit met die gevoel dat u wel God se teenwoordigheid in die erediens ervaar het?
2. Is dit u ervaring dat God *altyd* teenwoordig is in die erediens? Motiveer kortliks.
3. Watter liturgiese momente *(bv. liedere, skuldbelydenis, vryspraak, preek, ens.)* sou u sê help u om God se teenwoordigheid in die erediens te ervaar?
4. Watter tipe dienste *(soort prediking/predikingsboodskappe)* voel u as minder betekenisvol vir u om God se teenwoordigheid in die erediens te ervaar?
5. Is daar sekere tipe liturgiese momente wat u voel God se teenwoordigheid in die erediens in 'n mate uitsluit?
6. Voel u dat daar te min van die ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens gemaak word?
7. Watter impak (invloed) het u ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens op u daaglikse lewe?

# BRONNELYS

Baird, C W 1960. *Presbyterian liturgies.* Michigan: Baker Book House.

Babin, P 1991. *The New Era in Religous Communication.* Minneapolis: Augsburg Fortress.

Ballard, P & Couture, P. 2001. *Creativity, Imagination and Criticism.* Cardiff Academic Press: Cardiff.

Barnard, A C 1981. *Die Erediens.* Pretoria: NGKB.

Barnard, M et al 1998. *De weg van de liturgie.* Zoetermeer: Meinema.

Barnard, M & Post, P. 2001. *Ritueel bestek.* Meinema: Zoetermeer.

Barnard, M & Schuman, N. 2002. *Nieuwe wegen in de liturgie.* Meinema: Zoetermeer.

Bart, K 1981, *The Christian life.* Grand Rapids, MI:Wm B Eerdmans.

Bartow, C L 1988. *Effective Speech Communiation in Leading Worship.* Abingdon Press: Nashville.

Beukes, M J Du P 1993. *Erediens I.* Pretoria: Kital.

Bluck, J 1989. *Christian Communication reconsidered.* Geneva: WCC Publications.

Burger, C W 1995. *Gemeentes in transito.* Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C W 2004. *Erediens in Gereformeerde styl.* PTSA 14/1.

Cilliers, J H 2002a. *Die geheim van die prediking.* Verbum et Ekklesia 23/1.

Cilliers, J H 2002b. *Die geheim van die prediking.* NGTT I.

Cilliers, J H 2002c. *Die geheim van die prediking.* HTS I of II.

Combrinck, H J B 1993. *Retoriese benadering tot die Nuwe Testament.* Skrif en kerk 14/2.

De Klerk, J J 1982. *Liturgiese grondlyne.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

De Vos, A S (ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions.* Pretoria: JL van Schaik.

Dingemans, G D J 1991. *Als hoorder onder de hoorders: Een hermeneutische homiletiek.* J.H. Kok: Kampen.

Durand, J F F 1982. *Skepping, Mens, Voorsienigheid. Wegwysers in die dogmatiek.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Tvl.

Du Toit, A B 1992. *Retoriek, retoriese analise en prediking*. In die Skriflig 26/4.

Firet, J 1968. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden.* Kampen: Kok.

*Handboek van die erediens.* 1988. NG Kerk-Uitgewer.

Immink, G & Stark, C 2002: *Preaching: Creating Perspective.* Drukkerij Van der Perk: Nieuw-Lekkerland.

Jonker, H 1962. *Liturgische oriëntatie.* Wageningen: N.V. Gebr. Zomer & Keunings uitgeversmaatschappij.

Jonker, W D 1981. *Die Gees van Christus.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

König, A 1998. *Initiation into Theology: The rich variety of theology and hermeneutics.* Van Schaick Religious Books:Pretoria.

Kuyper, A 1911. *Onze eeredienst.* Kampen: J.H. Kok.

Maxwell, W D 1958. *An outline of christian Wordship.* London: Oxford University Press.

McClure, J S 1995. *The Roundtable Pulpit: Where Leadership & Preaching Meet.* Nashville: Abingdon Press.

McKee, E.A. 2003. "*Reformed Worship in the Sixteenth Century". In: Vischer, L. (red.). Christian Worship in Reformed Churches Past and present.* Grand Rapids/ Cambridge: William B. Eerdmans publishing Company.

Mckim, D 1993. *The Bible in Theology and Preaching.* Abindon Press: Nashville.

Muller, J 1990. Pretoria: *Die erediens as fees.* NG Kerkboekhandel 1988 (Edms) Bpk.

Nel, M 2001. *Ek is die verskil. Die invloed van persoonlikheid in die prediking.* Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Oskamp, P & N Schuman 1998. *"De weg van de liturgie". Tradities, achtergronden, praktijk.* Meinema: Zoetermeer.

Peterson, E.H. 1987. *Working the angles.* Grand Rapids : Wm. B. Eerdmans.

Peterson, E.H. 1989. *The contemplative pastor.* Grand Rapids : Wm. B. Eerdmans.

Pieterse, H J C 1979. *Skrifverstaan en prediking.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H J C 1986. *Verwoording en prediking.* Pretoria: NGKB.

Pieterse, H J C 1988. *'n Dialogiese kommunikasieteorie vanuit 'n prakties-teologiese perspektief.* Skrif en Kerk, 9/2:181-195.

Pieterse, H J C 1991. *Gemeente en prediking.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H J C 1993. *Prakties Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria:

Pieterse, H J C 2001. *Prediking in 'n konteks van armoede.* Unisa uitgewers: Pretoria

Robinson, J A T 1960. *Liturgy coming to life.* Philadelphia: The Westminster Press.

Saliers, D.E. 1994. *Worship as theology: foretaste of glory divine.* Nashville: Abingdon Press.

Smit, D J 1998. *Biblical hermeneutics: the first 19 centuries & Biblical hermeneutics: the 20th century.* In: Maimela, S & A.

Smuts, A J, Vos, C J A & Nel, M 1990. *In gesprek oor die erediens.* Pretoria: NGKB.

Strauss M 1999. *"Die verskil tussen 'n gereformeerde en charismatiese erediens" Vir die musiekleier.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Strydom, W M 1994. *"Sing nuwe sange, nuutgebore" - Liturgie en Lied.* Bloenfontein: NG Sendingpers.

Theron, P F 1992. *Mistieke stilte in die teologie van Oepke Noordmans.* In: Marais, J C en M C Dippenaar (red.) Kerk en eskatologie. Huldigingsbundel : Prof. Hennie van der Merwe. Supplement to Theologia Viatorum. University of the North.

Van der Merwe, I J 1999. *Liturgie en lewe. 'n Sistematies-teologiese ondersoek.* Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.

Van der Merwe, I J 2002. *"Die Here is in sy tempel": Oor die teenwoordigheid van God in die erediens.* NGTT 43(1-2), 1-16.

Von Allmen, J J 1965. Worship: *Its theology and practice.* London: Lutterworth Press.

Vos, C J A 1996. *Die volheid daarvan. I & II. Homiletiek uit 'n hermeneutiese-kommunikatiewe perspektief.* Pretora: RGN.

Vos, C J A & Pieterse, H J C 1997. *Hoe lieflik is U woning.* Pretoria: RGN. (Niek Schuman).

Vrey, C C A & Venter C J H 1994. *Kommunikasiegebeure en prediking.* In die Skriflig 28/4.

Vrijlandt, M A 1987. *Liturgiek.* Delft: Meinema 's-Gravenhage.

Willimon, W H & Lischer R (eds.) *Concise Encyclopedia of Preaching.* Westminster: Louisville. (p.74-78; 305-307)

Zimmerman, J A 1999. *Liturgy and Hermeneutics: American Essays in Liturgy.* Liturgical Press: Minnesota.